


'n Ondersoek van die kritiese burgerskap komponent in die Kuns en Kultuur leerarea in die Suid-Afrikaanse Kurrikulum (NKV).

deur

Yolandi Maritz



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereiste vir die graad van

Magister in Visuele Kunste (Kunsonderrig) aan die

Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Elmarie Costandius

Medestudieleier: Karolien Perold

Departement van Visuele Kunste

Maart 2013

Verklaring

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk wat daarin vervat is my eie, oorspronklike werk is en dat ek die enigste outeur daarvan is (behalwe waar uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie sal inbreuk maak op enige regte van derde partye nie en dat ek nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik ter verkryging van enige kwalifikasie die proefskrif aangebied het nie.

Handtekening

Datum

Opsomming

Die insluiting van kritiese burgerskap in die kurrikulum is 'n veld wat tans internasionaal en in Suid-Afrika ondersoek en nagevors word. Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel hoe kritiese burgerskap in die Graad 7 Kuns en Kultuur leerarea in die Suid-Afrikaanse kurrikulum (NKV) in drie skole in Kuilsrivier, Kaapstad area onderrig word.

My studie word vanuit 'n kwalitatiewe hoek benader waar 'n interpretiewe proses gebruik word om data in te samel en te analiseer. Die kwalitatiewe navorsingsontwerp maak gebruik van 'n beskrywende en interpreterende gevallestudie wat as navorsingsmetode dien.

Die ondersoek van 'n kritiese burgerskap komponent in die Suid-Afrikaanse Kuns en Kultuur kurrikulum het die volgende temas na vore gebring, naamlik kreatiwiteit, sosiale verantwoordelikheid, holistiese benadering asook teoretiese en praktiese leer. Die bevindinge van hierdie studie hou voor dat kreatiwiteit wel in die Kuns en Kultuur kurrikulum voorkom, maar dat die toepassing van kreatiwiteit vir die onderrig van kritiese burgerskap in die praktyk ontbreek. Sosiale verantwoordelikheid is wel geïdentifiseer as een van die aspekte wat aangespreek word in die kurrikulum. 'n Holistiese benadering word gesien as die onderrigstelsel wat die meeste variasie van vaardighede vir 'n leerder kan aanleer, en dit word wel deur al die leerkragte aangemoedig. Teoretiese en praktiese leer is as 'n tema uitgewys as gevolg van die gaping wat in die Kuns en Kultuur kurrikulum geïdentifiseer is. Die teorie (Kultuur) wat in die klas geleer word, word nie noodwendig in prakties (Kuns) in die klas toegepas nie. Indien teorie in praktiese gedeeltes toegepas en ondersoek word kan kritiese burgerskap onderrig in die kurrikulum bevorder word. Dit is ook problematies dat dit blyk die kurrikulum en die inligting wat in die klas aan leerders oorgedra word, nie altyd ooreenstem nie. 'n Derde gaping bestaan ook wanneer kennis wat in die klas aangeleer word nie noodwendig deur leerders alledaags toegepas of in hul lewens geïntegreer word nie.

Abstract

The inclusion of critical citizenship in the school curriculum is currently researched on a global and South African level. The purpose of this study is to investigate how critical citizenship in Grade 7 Arts and Culture Learning Area in the South African curriculum (NCS) is taught in three schools in Kuils River area.

This study is approached from a qualitative angle where an interpretative process is used to collect data and analyse data. The qualitative research design is used including a descriptive and interpretive case study as a research method.

The investigation of a critical citizenship component in the Arts and Culture curriculum highlighted the following themes: creativity, social responsibility, holistic approach as well as theoretical and practical learning. My findings include that creativity does occur in the Arts and Culture curriculum, but that the implementation of creativity in attempts of teaching of critical citizenship by the learners in practice is currently lacking. Social responsibility has been identified as one of the aspects that need to be addressed in the South African curriculum. A holistic approach to the education system creates a space where a student can learn the most variation of skills. This approach is encouraged by most teachers. Theoretical and practical learning is identified as a theme due to the gap that seems to exist in the Arts and Culture curriculum. This gap is identified by the fact that the theory (Culture) that is taught is not necessarily applied in practice (Art). If theory is applied into practical learning, it can help promote critical citizenship education in the curriculum. It also seems that the learning in the classrooms do not always adhere to the prescriptions of the curriculum. A possible third gap exists due to the fact that skills that are taught in class are not always applied in practice by students or integrated into their daily lives.

Erkenning

Met groot dank aan die volgende persone vir hul groot hulp en bystand, raad en bemoediging.

- My God en Hemelse Vader vir die talente en seëninge wat Hy my bied.
- Universiteit Stellenbosch vir die akademiese geleentheid gebied.
- Elmarie Costandius, MA in Visuele Kunste (Kuns Onderrig) koördineerder
- Karolien Perold, lektrise in MA in Visuele Kunste (Kuns Onderrig).
- My familie en vriende vir hul ondersteuning en bemoediging.
- Taal verwerker.
- Laerskool Mikro, Laerskool de Kuilen en Laerskool Sarepta vir die geleentheid dat ek praktiese navorsing met die leerders kon doen.

Inhoudsopgawe

	Bladsy
Lys van figure	iii
Hoofstuk 1: Inleiding	1
1.1 Motivering vir studie	1
1.2 Navorsingsvraag	2
1.3 Metodiek	3
1.4 Uitleg van studie	3
Hoofstuk 2: Literatuurstudie	5
2.1 Inleiding	5
2.2 Kritiese burgerskap	5
2.2.1 Wat is kritiese burgerskap?	5
2.2.2 Demokratiese samelewing	5
2.2.3 Sosiale justisie	6
2.2.4 Kritiese burgerskap onderrig	7
2.2.5 Vroeë onderrig	9
2.3 Historiese konteks	10
2.4 Kritiese burgerskap en Kunsonderrig	13
2.4.1 Belange van kuns in die gemeenskap/belange van kreatiewe denke	13
2.4.2 Kuns en Kultuur kurrikulum	14
2.5 Versteekte kurrikulum	16
2.6 Slot	16
Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en metodologie	18
3.1 Inleiding	18
3.2 Navorsingsontwerp van studie	18
3.2.1 Navorsing benadering en paradigma	18
3.2.2 Navorsingsontwerp	18
3.3 Proef keuse en data versameling	20

3.4 Etiese klaring	22
3.5 Data analise	23
3.6 Geloofwaardigheid en geldigheid	23
3.7 Slot	23
Hoofstuk 4: Data voorstelling en besprekings	24
4.1 Inleiding	24
4.2 Data ingesamel	24
4.3 Data analise	29
4.3.1 Kreatiwiteit	29
4.3.2 Sosiale verantwoordelikheid	30
4.3.3 Holistiese benadering	32
4.3.4 Teoretiese en praktiese leer	34
4.4 Slot	36
Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en implikasies	37
Verwysingslys	40
Addenda	43
Addendum A: Huidige Kuns en Kultuur kurrikulum (R-9)	43
Addendum B: Etiese klaring vanaf Universiteit Stellenbosch	47
Addendum C: Etiese klaring vanaf WKOD	48
Addendum D: Data van kwalitatiewe onderhoude	49

Lys van figure

	Bladsy
Figuur 1: Johnson, L & Morris, P. 2010. 'n Grafiese voorstelling van die verwantskappe tussen kritiese denke en kritiese onderrig. Johnson, L & Morris, P. 2010. Towards a framework for critical citizenship education. <i>The Curriculum Journal</i> , 80.	8
Figuur 2: Landsberg, E. 2005. 'n Voorstelling van konsepte wat aan inklusiewe onderrig en inklusiewe gemeenskappe geheg word. Landsberg, E. 2005. <i>Adressing Barriers to Learning: A South African Perspective</i> . Pretoria: Van Schaik, 66.	12
Figuur 3: Creswell, J.W. 2009. Tabel met kern verskille tussen verskeie navorsingsmetodes soos deur Creswell beskryf.	19
Figuur 4: 'n Uitleg van die proses wat gevolg was om by die vier temas uit te kom.	25
Tabel 5: Data ingesamel en gegroepeer onder vier temas.	26

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Motivering vir studie

Die inisiatiewe van die Verenigde Nasies se Millennium ontwikkelingsdoelwitte (2012) en die Aardemanifes Inisiatiewe (2011), beklemtoon die daarstelling van 'n regverdige, onderhoubare en vreedsame globale gemeenskap. Kritiese burgerskap en kritiese denke hou verband met mekaar.

[T]he Pragmatic model of thinking and educational psychology, basically tells us that thinking begins in the context of activity (Santas 2000:351).

Die bogenoemde stelling deur Santas lê klem op die belangrikheid van praktiese aktiwiteite en denke binne die klaskamer. Hy hou voor dat praktiese aktiwiteite nie sonder denke kan bestaan nie en dat die twee terme dus nie van mekaar geskei kan word nie. 'n Praktiese komponent is dus nodig om denke, sowel as kritiese denke binne 'n sosiale en kulturele sfeer te realiseer. Dit impliseer leer vind plaas deur middel van kognisie (teoreties) asook praktiese uitvoering.

Kritiese denke verwys spesifiek na kritiese burgerskap¹, wat spesifiek na die waardes wat deur die konsep van kritiese burgerskap in die gemeenskap voorgestel word, kyk. Die koloniale- en apartheidsera het diep letsels in Suid-Afrikaanse gemeenskappe en onderrig gelaat. Die denkwyses van die koloniale era is steeds by tye sigbaar in vandag se samelewing. Dié navorsingstudie beoog om die nagedagtenis van kolonialisme en apartheid, wat in die onderbewussyn van die Suid-Afrikaner ingegraveer is, te identifiseer. Dié historiese invloed beïnvloed onbewustelik ons dade en denkwyses. Die waardes wat deur die konsep van kritiese burgerskap voorgestel word kan nou intree as 'n belangrike komponent in kritiese denke wat noodsaaklik is in die Suid-Afrikaanse onderrigstelsel.

Dié studie hou voor dat kuns as 'n medium gebruik kan word om die waardes van kritiese burgerskap in gemeenskappe te integreer. Kritiese burgerskap kan 'n belangrike komponent in die Kuns en Kultuur kurrikulum wees. Om die bogenoemde stelling te bespreek is dit noodsaaklik om die toepassing en aanwending van kritiese burgerskap in Kuns en Kultuur in die kurrikulum tans te ondersoek. Slegs wanneer die navorsing rondom die praktiese toepassing van die kurrikulum bevestig is, kan 'n ingeligte voorstel gemaak

¹Kritiese burgerskap kan beskryf word as die promosie van 'n groep gedeelde waardes beskryf as verdraagsaamheid, diversiteit, menseregte en demokrasie. As 'n onderrig pedagogie word kritiese reflektiwiteit teenoor die verlede en hede gehandhaaf, sodat 'n toekoms met sosiale justisie moontlik is (Johnson & Morris 2010).

word ten opsigte van die gebruik van kuns as mediator van kritiese burgerskap in die Suid-Afrikaanse kurrikulum. Die tesis is 'n verkennende ondersoek wat aanleiding kan gee tot verdere studie in hierdie veld.

1.2 Navorsingsvraag

Die studie fokus op die gaping tussen die voorskrifte van die Kuns en Kultuur kurrikulum en wat wel in praktyk in die praktiese onderrig en leer situasie plaasvind. Kuns is 'n interaktiewe medium wat die potensiaal het om leerkragte en leerders se denkwyses aan te spreek en uit te daag. Die studie is vanuit hierdie oogpunt nagevors en die navorsingsvraag is dus as volg:

Hoe word kritiese burgerskap onderrig deur middel van die Graad 7 Kuns en Kultuur kurrikulum by drie skole in die Kuilsrivier² omgewing toegepas?

Aangesien onderrig, meer spesifiek kritiese burgerskap onderrig, 'n samehang van beide die leerkrag en leerder is, is dit noodsaaklik om albei partye te bestudeer. Die spesifieke doelstellings van hierdie navorsingsprojek sluit die volgende in:

- om Graad 7 Kuns en Kultuur onderwysers se interpretasies van kritiese burgerskap binne die bestaande kurrikulum vas te stel;
- om te kyk hoe hierdie onderwysers kritiese burgerskap onderrig toepas deur middel van die Graad 7 Kuns en Kultuur kurrikulum;
- om Graad 7 leerders se interpretasies van die projekte wat hulle in Kuns en Kultuur doen, wat spesifiek kritiese burgerskap aanspreek, vas te stel en om ook te kyk na wat hulle voel hulle daardeur leer;

Dit is noodsaaklik om die doelwitte van Kuns en Kultuur in die kurrikulum te identifiseer, spesifiek weens die feit dat hierdie navorsingsprojek op die Departement van Onderwys se doelwitte gebaseer word. Observasies kon slegs in skole gedoen word indien daar spesifieke doelwitte is waarteen die observasies gemeet kan word. Die beleidsdokument van die Kuns en Kultuur kurrikulum vir Graad R-9 leerder spreek baie duidelik kritiese burgerskap beginsels aan. Dié beleidsdokument bevestig en beaam dat dit van waarde is om kuns as medium te gebruik om hierdie doelwitte aan te spreek, juis omdat kuns kommunikasie tussen individue kan bevorder.

² Kuilsrivier is 'n voorstad van Kaapstad.

‘n Oorsig word nou gegee oor die presiese doelwitte wat deur die Departement van Onderwys se beleidsdokument gestel word. Die hoofdoelwitte van Kuns en Kultuur (Graad R-9) in die algemene opvoeding vir alle leerders is:

- om leerders bloot te stel en ervaring te bied in die leerareas van Dans, Drama, Musiek, Visuele Kunste, Ontwerp, Media en Kommunikasie, Kunste Bestuur, Kunste Tegnologie en Erfenis;
- die ontwikkeling van kreatiewe en innoverend individue as verantwoordelike en kritiese burgers in ‘n gemeenskap wat gelyk is aan die waardes van demokrasie soos deur die Konstitusie van Suid-Afrika voorgestel;
- om toegang tot Kuns en Kultuur onderrig te ontvang wat deels die geskiedkundige wanbalans bespreek en verduidelik;
- ontwikkeling en bewusmaking van nasionale kulture om nasiebou te bevorder;
- om die kreatiwiteit van Suid-Afrika as ‘n ryk en produktiewe bron te stasioneer, ontwikkel en aan te beveel;
- om geleenthede te verskaf vir bruikbare vaardighede, kennis, houding en waardes in die leerarea van Kuns en Kultuur om leerders voor te berei vir die lewe, leefstyl en ewige leerprosesse, asook
- om ‘n verstandhouding vir die Kunste as simboliese taal te skep (RNCS 2002:5).

1.3 Metodiek

‘n Kwalitatiewe navorsingsprojek is aangepak in ‘n poging om die navorsingsvraag te beantwoord. Die navorsingsontwerp is ‘n beskrywende en interpreterende gevallestudie met semi-gekonstrueerde onderhoude. Die onderhoude sal met relevante leerkragte gevoer word wat deel van die Kuns en Kultuur leerarea, naamlik kuns, drama en musiek as die drie hoof subgedeeltes van Kuns en Kultuur, vorm. Graad 7 leerders is op ‘n wyse deur die leerkragte gekies en in groepe van 5 mee onderhoude gevoer.

1.4 Uitleg van studie

Hoofstuk 1: Inleiding

Die inleiding van die navorsingsprojek dien as agtergrond van die studie. Doelwitte word uiteengesit om die leser bewus te maak van die verskeie aspekte en literatuur wat in die navorsingstudie gebruik en bespreek gaan word. Die metodologie word ook kortliks bespreek.

Hoofstuk 2: Literatuurstudie

Hoofstuk twee dien as die teoretiese raamwerk vir die navorsingstudie. ‘n Bespreking is gedoen om verskeie aspekte wat in die navorsing voorkom deeglik te bespreek. Alle perspektiewe is met relevante bronne gestaaf.

In 'n poging om die verskeie inligting wat betrekking het op die navorsingstudie op 'n logiese manier te struktureer, is die studie in vier relevante subkategorieë verdeel. Die oorsig van verskeie kern aspekte wat in die navorsing aangeraak word en deur literatuur gestaaf word is as volg:

Kritiese burgerskap – wat die demokratiese samelewing en onderrig, sosiale justisie, kritiese burgerskap, die ontvang van onderrig vanaf 'n jong ouderdom, insluit, Historiese konteks, Kritiese burgerskap en kuns onderrig, Versteekte kurrikulum.

Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en metodologie

Hierdie hoofstuk dien as motivering vir die gebruik van die spesifieke navorsingsmetodiek. Dié navorsingsprojek word vanuit 'n kwalitatiewe hoek benader juis as gevolg van die sosiale konteks van die studie (Denzin & Lincoln 1994:1). Data was ingesamel deur middel van onderhoude. Onderhoude was met die Kuns en Kultuur leerkragte van drie skole in Kuilsrivier, asook 'n groep van 5 Graad 7 leerders gevoer. Etiese klaring van die WKOD en Universiteit Stellenbosch was verkry en dit het inligting rakende die navorsingsprojek aan leerkragte en leerders verskaf.

Hoofstuk 4: Data voorstelling en bespreking

Na die insameling van die data, is die data onderverdeel in kategorieë en daarna in temas. 'n Induktiewe data analise word gebruik om data te analiseer en te kategoriseer. Die onderhoude en observasies is nagegaan en geïnterpreteer om kern konsepte te identifiseer. Induktiewe kwalitatiewe konteks analise is gebruik om die data in temas te verdeel. Deur sekere temas vanuit die data te identifiseer is die analise van die data vergemaklik. Onderhoude is getranskribeer en notas gemaak vir kritiese ontleding.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en implikasies

Die samevatting en gevolgtrekkings van die studie word in hierdie hoofstuk weergegee. 'n Samehang van perspektiewe sal dien as die kern van die hoofstuk wat weer aan die oorspronklike navorsingsvraag gekoppel kan word.

Hoofstuk 2: Literatuurstudie

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk dien as die teoretiese raamwerk vir dié studie. Dit sluit die volgende afdelings in: Kritiese burgerskap, insluitende demokratiese samelewing en onderrig, sosiale justisie, kritiese burgerskap onderrig, en vanaf 'n jong ouderdom onderrig ontvang; asook koloniale onderrig/apartheid; belange van kuns in die gemeenskap/belange van kreatiewe denke; doelwitte van Suid-Afrikaanse kurrikulum in Kuns en Kultuur en versteekte kurrikulum.

2.2 Kritiese burgerskap

2.2.1 Wat is kritiese burgerskap?

Kritiese burgerskap word deur Johnson en Morris as die promosie van 'n groep waardes beskryf; die waardes van verdraagsaamheid, diversiteit, menseregte en demokrasie (Johnson & Morris 2010:84, 85). As 'n onderrig pedagogie word kritiese reflektiwiteit teenoor die verlede en die hede gehandhaaf, sodat 'n toekoms met sosiale justisie moontlik is. Kritiese burgerskap is juis gemik op sosiale en persoonlike transformasie.

Om 'n kritiese burger te wees beteken om deel te wees van 'n gemeenskap en staat, sowel as om die pligte van 'n burger na te kom (Leydet 2006:1). 'n Individueel word op 'n sosiale en politieke wyse gevorm om as burger van die staat te funksioneer. Die ideale burger is dus 'n individu met morele waardes en insig. Dit is belangrik dat hierdie goeie burger in die publieke sfeer moet kan beweeg en as voorbeeld vir ander voorgelê kan word (Leydet 2006:4). Moraliteit impliseer verskeie aspekte van 'n leerder se houding teenoor ander. Dit help met die groei en ontwikkeling van leerders, dit stel leerders bloot aan waardes en norme van 'n wye gemeenskap, dit help met die aanleer van aanvaarde optrede patrone en die balans daarvan, en laastens demonstreer dit 'n waardering vir diverse kulture en gelowe (Landsberg 2005:107). Kritiese burgerskap sluit nie net die eienskappe van deelname in nie, maar dryf die leerder na deelname (Leydet 2006:15). Soos deelname groei word die gemeenskap gekultiveer (Nussbaum 2002:290).

2.2.2 Demokratiese samelewing

Voor 1994 was daar pedagogiese, ekonomiese, sosiale en politieke ongelykheid in Suid-Afrika. Apartheid het 'n groot rol gespeel in die wanbalans wat tussen politieke, kulturele en sosiale kwessies in Suid-Afrika ontstaan het. Die ideaal van 'n dinamiese balans op alle vlakke en tussen alle mense het na 1994 in Suid-Afrika begin

vlam vat. Hierdie wanbalans is en kan aangespreek word deur effektiewe kritiese burgerskap onderrig in skole en ander onderriginstansies in te bring of te bevorder.

’n Demokratiese staat bepleit die globale gelykheid van verskeie gemeenskappe se status (Fischman, McLaren, Sünker & Lankshear 2005:128). Freire en Dewey hou voor dat ’n demokratiese gemeenskap geskep kan word deur te fokus op die mensliewende (versorging) en sosiale bekwaamheid wat in pedagogiese sisteme aangebied word, naamlik om ’n kritiese burger te wees (Drinkwater 2011:4). Respek kan deur aksies, woorde en die wyses waarop verhoudings hanteer word, geïdentifiseer en ervaar word (Landsberg 2005:92). Respek is dus ’n aksie wat deur middel van kritiese burgerskap onderrig van ’n vroeë ouderdom aangeleer moet word. Leerkragte en onderrigstelsels bied nuwe moontlike ruimtes waar demokratiese onderrig beoefen kan word (Fischman, McLaren, Sünker & Lankshear 2005:355). Dit wil sê kritiese burgerskap in onderrig is noodsaaklik in die gemeenskap om ’n demokratiese samelewing in Suid-Afrika te skep.

In ’n demokratiese staat moet burgers die konsep van demokrasie aangeleer word, soos byvoorbeeld hoe tree ’n mens teenoor ’n ander op, hoe om respek te toon of hoe om ruimte vir diversiteit binne die gemeenskap te ontwikkel. Het demokratiese konsolidasie ten volle in Suid-Afrika plaasgevind na 1994? Weet burgers werklik wat hulle rol binne Suid-Afrika se relatief nuwe demokratiese identiteit is? Daar sal dus weer aandag gegee moet word aan die waarde en beginsels van die sosiale verantwoordelikheid van die mens binne ’n demokrasie gemeenskap. Die Suid-Afrikaanse burger se houding teenoor die bogenoemde proses gaan bepalend wees in die suksesvolle bewerkstelling van transformasie.

2.2.3 Sosiale justisie

[W]e believe that social justice education can play a constructive role in helping people develop a more sophisticated understanding of diversity and social group interaction, more critically evaluate oppressive social patterns and institutions, and work more democratically with diverse others to create just and inclusive practices and social structures (Adams, Bell & Griffin 2007:xvii).

Sosiale justisie wat gedefinieer word as ’n proses en ’n doel waarnatoe ’n samelewing kan streef word in bogenoemde aanhaling verduidelik (Adams, Bell & Griffin 2007:1). Die doelwit van sosiale justisie is dat alle groepe binne ’n gemeenskap gelyke insette in die gemeenskap sal bied, in ’n poging dat almal se behoeftes sodat die behoeftes van ieder en elk bevredig kan word (Adams, Bell & Griffin 2007:1). ’n Volmaakte gemeenskap bestaan uit individue wat ten volle binne ’n demokratiese samelewing met mekaar in interaksie kan tree (Adams, Bell & Griffin 2007:1). ’n Verdere doel van sosiale justisie is om die mens se kritiese en analitiese kapasiteit te help ontwikkel (Adams, Bell & Griffin 2007:2).

Our approach to social justice education includes both an interdisciplinary conceptual framework for analysing multiple forms of oppression and a set of interactive, experiential pedagogical principles to help learners understand the meaning of social difference and oppression both in the social system and in their personal lives (Adams, Bell & Griffin 2007:xvii).

Die bogenoemde stelling bied 'n goeie samevatting van sosiale justisie. Die term word gesien as 'n beginsel wat in alledaagse interaksies toegepas kan word, om sodoende die aanvaarding vir sosiale verskille binne 'n gemeenskap te kweek. Sosiale justisie sluit aan by demokratiese onderrig en kritiese burgerskap onderrig. Beide konsepte poog om 'n vreedsame en bewuste gemeenskap te skep.


2.2.4 Kritiese burgerskap onderrig

Kritiese burgerlike onderrig sluit in die onderrig van leerders om hul rol as stadsbewoners te verstaan en burgerlike gedrag vir leerders aan te leer wat hulle binne die staat of gemeenskap kan uitleef (Leydet 2006:2). Die konsep van kritiese burgerskap onderrig is dus geskep om 'n aktiewe individu in die gemeenskap te kweek wat saam met die staat vir progressie werk, maar ook krities kan staan oor wat die staat doen. Leerders leer om verantwoordelike burgers van die gemeenskap te wees, nie net deur die hulp van skole nie, maar ook deur hulp van hul familie, gemeenskap, kerke ensovoorts (Osler & Starkey 2003:248). Burgerskap kan beskou word as die hoof aspek van ons alledaagse lewenstyl. Dié navorsing beoog om te argumenteer dat om kritiese burgerskap deur middel van kuns onderrig bevorder kan word.

Kritiese burgerskap onderrig verwys na die leer en fasilitering van kritiese burgerskap eienskappe. Doelgerigte onderrig kan help om hierdie kritiese vaardighede in leerders vanaf vroeë opvoeding te vestig. Hierdie onderrig sien nie net om na die belange van die individu nie, maar ook van dié van die gemeenskap.

Burgerlike onderrig wat leerders ontvang moet nie net positiewe gedrag promoveer nie, maar moet ook kritiese denkwyses van die hantering van situasies in die publieke sfeer aanmoedig (Leydet 2006:12). Kritiese denke is noodsaaklik in leerprosesse (Fischman, McLaren, Sünker & Lankshear 2005:14). Deur kritiese burgerskap onderrig van jongs af prakties te onderrig, sal dit die uitkomst van die onderrigstelsel positief beïnvloed. Die ervaring wat van jongs af opgedoen word, is die belangrike gedeelte. Deur middel van ervaring raak sosiale situasies 'n realiteit. As sosiale kwessies net op 'n teoretiese vlak vir leerders aangeleer word, kan dit moontlik slegs vaagweg deur die leerder opgeneem word, sonder om dit prakties in die leerder se alledaagse lewe te integreer.

Die sukses van onderrig om 'n burgerlike gemeenskap te skep, lê in die voorbereiding van hoër onderrig studente om binne 'n veranderlike wêreld te funksioneer (Albertyn & Daniels 2009:413). Hierdie voorbereiding is nie uitsluitlik vir hoër onderrig studente van waarde nie. Dit is egter makliker om direk met studente te werk wat hoër onderrig ontvang het, aangesien hierdie studente dan die nuut aangeleerde eienskappe makliker in hul lewens sal kan toepas. Figuur 1 dui 'n grafiese voorstelling van die verwantskappe tussen kritiese onderrig en kritiese denke aan. Die ruimte wat geskep word deur kritiese onderrig en kritiese denke wat mekaar oorvleuel, is 'n ruimte waar verandering, vaardighede om te kommunikeer en nuwe kennis ontstaan. Om kritiese denke te laat realiseer in die gemeenskap, verskuif die fokus na onderrig, opleiding en ervaring. Kritiese burgerskap onderrig is noodsaaklik in skole om 'n suksesvolle praktyk moontlik te maak waarna leerders kan terug verwys en van leer.



Figuur 1. Johnson, L & Morris, P. 2010. 'n Grafiese voorstelling van die verwantskappe tussen kritiese denke en kritiese onderrig, 80.

To be engaged in the practice ... means to inquire in the world through a process of art making and writing (Springgay 2005:899).

Deur middel van 'n Kuns en Kultuur kurrikulum kan kritiese burgerskap aangeleer word – juis omdat kuns 'n subtile leerproses volg. Springgay, sien bostaande aanhaling, sien die proses van kuns as 'n manier om die wêreld te verken en prakties te ervaar. Kritiese burgerskap onderrig word toegepas om kritiese burgers in 'n gemeenskap te skep. Kritiese burgerskap onderrig lei net die idee van 'n kritiese en verantwoordelike denkwys (soos in Figuur 1 aangedui het kritiese denke en kritiese onderrig vele verwantskappe). Soos die gesegde sê, 'n mens kan 'n perd na die drinkwater neem, maar nie maak drink nie. Só kan kritiese burgerskap onderrig vir leerder aangebied word, maar dit waarborg nie die integrasie van die onderrig in die leerder se lewe nie. Met ander woorde, al word kritiese burgerskap onderrig aangebied in verskeie skole, is dit steeds nie

'n versekering dat alle leerders daarin sal wil deelneem of in diepte beleef nie. Hier is juis waar kuns kan intree om dié gaping te vul en onderrig gemaklik en verbruikersvriendelik te laat geskied. Kritiese burgerskap onderrig kan 'n demokratiese samelewing bevorder.

Suksesvolle kritiese burgerskap kan nie maklik onderrig word in die samelewing nie, omdat dit 'n hele nuwe denkwysie is wat deur elkeen aangeneem moet word. Kritiese burgerskap berus nie net op dokumente en vooropgestelde wette nie, maar ook op hoe die konsepte in die samelewing prakties toegepas en ervaar word. In die volgende afdeling, word die belangrikheid daarvan om hierdie onderrig van 'n jong ouderdom te ontvang, bespreek.

2.2.5 Vroeë onderrig

Volgens Judy Dunn (2005) kan kinders al van hul tweede lewensjaar gevoelens van ander aanskou en verstaan. Dit impliseer dat jong leerders alreeds die vermoë het om gedeelde verantwoordelikheid vir die gemeenskap se transformasie en ontwikkeling te kan dra (Fischman, McLaren, Süner & Lankshear 2005:13). Kinders het dus van 'n vroeë ouderdom die reg om te weet wat tans in die wêreld plaasvind. Kritiese burgerskap moet nie net slegs toegepas word in tersiêre onderrigstelsels nie, maar moet al van jongs af in voorskoolse onderrig aangemoedig word. Hoe jonger die leerder en hoe vroeër kritiese burgerskap onderrig toegepas kan word, hoe beter en groter kan die uitkomst van kritiese burgerskap onderrig wees. Die Suid-Afrikaanse kurrikulum is belangrik juis omdat die kurrikulum se leeruitkomst en doelwitte rondom die voorbereiding van leerders kritiese burgerskap beklemtoon.

Leerders leer op 'n vroeë ouderdom deur ander waar te neem, met ander te speel en stadig toe te pas wat hulle sien en ervaar. Dit staan in kontras met die vinnige wyse waarop konsepte in 'n klaskamer aan kinders oorgedra word (Landsberg 2005:91). Dit wil sê dat onderrig in die laerskool soveel meer belangrik is as gevolg van die hoë vlak van ontwikkeling en opvoeding wat by jong leerders plaasvind. Leerkragte dien as voorbeelde vir die leerders en moet as praktiese en doeltreffende rolmodelle in die gemeenskap gesien word, wat krities dink en bewus is van verskeie kwessies (Landsberg 2005:91). Vele organisasies lê klem op die belangrikheid van vroeë opvoeding by leerders sodat vroeë ontwikkeling kan plaasvind (Landsberg 2005:79). Wanneer vroeë ontwikkeling plaasvind word 'n leerder meer bewus van sy omgewing, gemeenskap en situasie teenoor die res van die wêreld en kan hy/sy makliker hom/haarself as agent in die gemeenskap inburger.

Onderrig op 'n jong ouderdom dra by tot die beter verstaan van gebeurtenisse wat rondom 'n kind plaasvind. Kinders kan dus nou begin om hulself in 'n gemeenskap, klaskamer, huishouding en teenoor ander te plaas. Leerders wat 'n laerskool binnetree is op die ouderdomsvlak waar hul visie nie staties is nie maar verander en

groeï soos hul leer (D'Amico 1953:3). Kunsonderrig word voorgelou as 'n manier om 'n leerder se persoonlikheid en selfvertroue te help ontwikkel en dus raak kunsonderrig al hoe belangriker vanaf 'n jong ouderdom (Field 1970:9). Kuns dien as 'n terapeutiese middel wat help om leerders gesond en verstandig te hou, asook om 'n goeie balans te handhaaf in hul leefstyle (Field 1970:9). Leerders leer ook met behulp van kunsonderrig om hul gevoelens en vrese te skilder, maar op 'n ontspanne manier wat hul sonder ongemak kan verrig (Field 1970:9). Dit is belangriker om klem te lê op die ontwikkelingsprosesse van die leerders in plaas van 'n vaste perfekte uitkomst (D'Amico 1953:3). Die aktiwiteite moet leerders uitdaag om variëteite van vaardighede aan te leer in dieselfde klasgroep (D'Amico 1953:2).

Deur jonger generasies te verbind met die ontwikkeling in ons land kan daar, met behulp van kritiese burgerskap onderrig, soveel vinniger 'n verskil gemaak word. Die kern van sosiale- en gemeenskap ontwikkeling kan by leerders ingeboesem word (Moffatt 2006:211) deur met leerders oor sosiale en gemeenskap ontwikkeling te praat en hul idees rondom die proses van jongs af aan te hoor (Moffatt 2006:218).

2.3 Historiese konteks

Hierdie afdeling gaan poog om bewustheid te kweek oor die feit dat koloniale onderrig gedurende apartheid sigbaar was en dat vele waardes in die onderrigstelsels moontlik steeds daarop gebaseer kan wees. Apartheid en selfs die invloed van kolonialisme het definitief 'n merk in ons land en onderrig gelaat, maar deur behulp van kritiese burgerskap kan hierdie probleme aangespreek word.

Any form of colonialism is bound to leave a mark of some kind. European colonialism in Africa left lasting marks on the landscape, as well as the political, social and economic organization of the African peoples (Dei & Kempf 2006:87).

Die verlede is so belangrik soos die hede, juis omdat die verlede nodig is om transformasie in die hede moontlik te maak. Die verlede kan nie geïgnoreer of verander word nie. Koloniale onderrig het 'n basis geskep wat voordelige en negatiewe implikasies vir verskeie kultuurgroepe gehad het. Met behulp van kritiese burgerskap onderrig kan dié aspekte ondersoek en ontbloot word sodat 'n mens daaruit kan leer. Dit is belangrik om te weet hoe onderrig gedurende die apartheidsjare toegepas is, sodat die onderrig wat vandag ontvang word nie dieselfde diskriminasie bied nie. Die verlede kan gebruik word om die gapings wat ontstaan het te oorbrug deur middel van nuwe perspektiewe en kritiese idees.

Die effek van kolonialisme het kultuurgroepe gevestig in die “normale”³ voorstelling waarin hulle hulself vandag bevind (Dei & Kempf 2006:10). Kolonialisme het ook die nosie van om te behoort, verskille en superioriteit versterk (Dei & Kempf 2006:3). Individue wat as gelyke gesien word, is meer geneig om gehelp, regverdig behandel te word en ondersteuning te ontvang (Dei & Kempf 2006:258).


Suid-Afrika se onderrigstelsel het ‘n nuwe era ingetree na Suid-Afrika in 1994 ten volle demokraties geword het (Landsberg 2005:16). Apartheid kan tot ‘n mate gesien word as ‘n voortsetting van koloniale denkwyses. Die waardes wat weer deur middel van post-apartheid onderrigstelsels ingestel is, het juis probeer om die dominante denkwyses wat deur kolonialisme begin is, en toe voortgesit en versterk is deur apartheid, om te keer. Inklusiewe onderrig⁴ het dus ontstaan, in post-apartheid onderrigstelsels, waar daar na elkeen se reg tot onderrig gekyk is deur liberale, kritiese en progressiewe demokratiese denkwyses (Landsberg 2005:16). Vele formele beleidsdokumente⁵ is opgestel wat die ontwikkeling van Suid-Afrika se onderrig bystaan en ondersteun deur die implementering van ‘n inklusiewe onderrigsisteem (soos in Figuur 2 aangetoon) in plaas van ‘n eksklusiewe onderrigsisteem wat verskeie rassegroepe uitgesluit het.

³ Dominante diskoerse is deur kolonialisme gevestig wat tot vandag toe nog ingeprent is in die samelewing se onderbewussyn. Dit word gesien as normaal alhoewel dit nie noodwendig die enigste waardige vorm van realiteit/verstaan is nie.

⁴n Inklusiewe onderrigsisteem se ideaal is om gemeenskappe te ontwikkel wie se beginsels gebaseer is op demokrasie, sosiale justisie en regverdigheid. Elke leerder word dus in ‘n inklusiewe gemeenskap raakgesien en met regverdigheid en gelykheid gehanteer (Landsberg 2005:214).

⁵ Die beleidsdokumente sluit die volgende in:

- White Paper on Education and Training in a Democratic South Africa (1995).
- The South African Schools Act (1996).
- White Paper on an Integrated National Disability Strategy (1997).
- The National Commission on Special Educational Needs and Training and The National Committee on Education Support Services (1997).
- Educational White Paper 6: Special Needs Education: building an inclusive education and training system (2001)(Landsberg 2005:16).



Figuur 2: Landsberg, E. 2005. ‘n Voorstelling van konsepte wat aan inklusiewe onderrig en inklusiewe gemeenskappe geheg word, 66.

Vanuit die koloniale tydperk na ‘n tydperk van globalisering is diskriminasie steeds sigbaar in gemeenskappe, onderrigstelsels en instansies. Inheemse kennis word beskryf as die sosiale norme en waardes, sowel as die sosiale en geestelike raamwerk wat die mens lei en organiseer tot ‘n leefstyl wat sin in die wêreld het (Dei & Kempf 2006:265). ‘n Nuwe mensliewendheid wat geïnspireer word vanuit die inheemse kultuur en kennis, kan potensieel ‘n bewusmaking en waardering vir alle kulture kweek (Dei & Kempf 2006:5). Dit kan ‘n gevoel help skep van verskille en ooreenkomste wat gemaklik binne dieselfde konteks saamleef. Kuns onderrig kan dien as die medium waardeur hierdie kwessies aangespreek kan word en moontlike transformasie bewerkstellig kan word. ‘n Kurrikulum is ontwikkel wat deur die Nasionale Onderwysdepartement voorgelê is aan alle onderrigstelsels om ‘n standaard te skep wat landswyd erken en aanvaar sal kan word. Die doelwitte van die kurrikulum is noodsaaklik in die vorming van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, omdat die vooropgestelde doelwitte in die kurrikulum juis die eienskappe van die kritiese burger beskryf – as dit geïnterpreteer word soos dit bedoel was om geïnterpreteer te word. Bewustheid moet dus ontstaan rondom die koloniale onderrigstelsel en die invloed daarvan op ons huidige onderrigstelsels om ten volle ‘n sosiale transformasie en ontwikkeling in ons land sigbaar te maak. Kuns het die mag om transformasie te laat geskied (Springgay 2005:903).

2.4 Kritiese burgerskap en kunsonderrig

2.4.1 Belange van kuns in die gemeenskap/belange van kreatiewe onderrig

Die belangrikheid van kuns in die gemeenskap word in hierdie afdeling uitgelig. Kuns kan baie verregaar in 'n gemeenskap bring, meer as net 'n skildery teen 'n muur. Hierdie afdeling gaan poog om te bewys dat kuns wel 'n groot bydrae kan maak deur middel van vaardighede, kritiese- en kreatiewe denke.

[Art] is a living practice; a life writing, life creating experience into personal, political, and professional aspects of one's life. Through attention to memory, identity, autobiography, reflection, meditation, storytelling, interpretation, and/or representation (Springgay 2005:903)[.]

Hier word spesifiek verwys na 'n nuwe manier van kyk na die wêreld wat deur behulp van kritiese burgerskap aangemoedig kan word. Volgens Immanuel Kant kan 'n kunstige sfeer 'n duidelike waardesisteem skep waarin die mens 'n verantwoordelike oordeel kan dra (Schmidt Campbell & Martin 2006:13).

Die funksie wat kuns in die gemeenskap verrig is dié van 'n universele taal. Deur middel van kuns is daar groter potensiaal siende dat meer mense met mekaar kan kommunikeer op 'n universele vlak. Kuns vergroot dus die deelname van 'n gemeenskap. Kuns vorm 'n ruimte waarin ieder en elk 'n bydrae kan lewer tot die gemeenskap. Kommunikasie is 'n belangrike komponent van kritiese burgerskap. Kommunikasie kan in twee subhoofde verdeel word, naamlik sig en gehoor, waarvan die mens afhanklik is om te kommunikeer. Sig is die mees dominerende aspek van die alledaagse lewe. Daar word voorgehou dat meer as 80% van die inligting wat 'n mens op 'n dag ontvang deur sig ingelaat word tot die brein (Landsberg 2005:334). Hierdie navorsingstudie hou voor dat kuns wel 'n belangrike en noodsaaklike rol in die akademiese van die kurrikulum moet speel in skole. As sig domineer teenoor ander sintuie van kennis inwin moet 'n leerkrag juis daarop kan uitbrei en kan ontwikkel.

Navorsers en kritiese denkers reken dat die vaardighede wat deur kuns as 'n vak aangebied word, nodig is om kritiese en kreatiewe denkvaardighede te vorm om sodoende 'n demokratiese samelewing te help skep (Drinkwater 2011:1). Daar word voorgehou dat 'n goeie onderrigstelsel vereis dat daar na inheemse kennis gekyk moet word, sodat die verhouding tussen mens en land herstel kan word, asook om na kolonialisme te kyk en hoe dit gekom het tot waar kolonialisme vandag is en wie daardeur beïnvloed is (Greenwood 2009:3). Verder word daar ook voorgehou dat die kunste unieke karaktereenskappe bevat wat oor die grense van ras, kultuur, geslag en etniese identiteit kan deurbraak maak (Drinkwater 2011:2). Hierdie deurbraak kan toegeken word aan die feit dat kuns op 'n subtiele en onsigbare manier onderrig verskaf aan talle leerders. Dit skep potensieel 'n derde ruimte waarbinne gemeenskappe kan redeneer en funksioneer. Homi Bhabha se konsep van 'n derde ruimte is integraal tot kunsonderrig waarna daar in afdeling 2.5 verwys word (Bhabha 2003:208).

Die impak van kuns in die gemeenskap hang af van die kunsonderrig wat in skole aangebied word. Dit is belangrik om die moontlike transformasie uitwerking wat kuns in die gemeenskap kan hê in die kurrikulum aan te moedig. Sodra 'n skets 'n teleurstelling is of nie uitkom soos verlang word nie, moet leerders aangemoedig word om terug te gaan en weer te gaan observeer (D'Amico 1953:8). Leerders gebruik dus hierdie geleentheid om hul manier van kyk op te skerp, maar ook hul langtermyngeheue op te bou (D'Amico 1953:8). Die vermoë tot kritiese denke, asook die ontwikkeling daarvan in die kunsklas is noodsaaklik vir die gesonde groei van kinders. Wanneer kinders teken word aspekte van hul wêreld verander en versterk soos hul dit neerplaas op papier. Tydens hierdie proses is dit nie net slegs 'n kind se perspektief wat gereflekteer word in die sketse nie, maar dit vorm deel van 'n leerder se eie transformasie (Field 1970:8). Ideaal gesproke moet alle leerders 'n geleentheid kry om praktiese kunswerke te kan verrig. Dit is nie deel van 'n beginsel nie, maar liewers van noodsaaklikheid en behoefte dat leerders praktiese vaardighede moet kan aanleer (Field 1970:8). Kuns dien dus as medium wat deur kritiese burgerskap onderrig gebruik kan word om kritiese denke, nuwe perspektief teenoor ou situasies, en kommunikasie aanmoedig. Kuns speel dus 'n belangrike rol in die aanleer van verskeie vaardighede op skool.

2.4.2 Kuns en Kultuur kurrikulum

'n Kurrikulum is geskep om 'n basiese standaard vir die onderrigstelsel te stig. Deur 'n kurrikulum aan onderrig te heg word nie net liniêre⁶ denkwyses gevorm nie, maar ook sekulêre⁷ denkwyses gekweek. Die doelwit van 'n kurrikulum is dus om 'n individu te skep wat selfstandig en krities is, asook wat bewustheid in die samelewing kan kweek. Voorbeelde wat in die kurrikulum geplaas word, moet ook toepaslik wees vir alle leerders van verskillende rasse, sosiale klasse en inkomstegroepe. Verskeie omgewings lei tot verskeie perspektiewe en die verstaan van konteks. Die behoeftes wat deur die Nasionale Onderwysdepartement uitgewys is, is geskep, sodat elke leerder die kans kan kry om hul behoeftes en sosiale kwessies aan te spreek sodat 'n effektiewe onderrigstelsel moontlik sal kan wees. Sonder die ontmoeting en gelykmaking van standaarde kan die kurrikulum nie as effektief beskou word nie (Landsberg 2005:17).

Die doelwitte van onderrig het radikaal verander vanaf die koloniale en apartheid tydperk na 'n meer demokratiese onderrigstelsel. Die huidige Suid-Afrikaanse kurrikulum het die potensiaal om 'n bewustheid en sensitiwiteit by die gemeenskap te skep om as verantwoordelike burgers op te tree. Die hoofdoelwitte van Kuns en Kultuur (Graad R-9) in die algemene opvoeding vir alle leerders is tans om leerders bloot te stel en ervaring te bied in die leerareas van Dans, Drama, Musiek, Visuele Kunste, Ontwerp, Media en Kommunikasie, Kunste Bestuur, Kunste Tegnologie en Erfenis. Doelwitte sluit ook die ontwikkeling van kreatiewe en innoverend individue as verantwoordelike en kritiese burgers in 'n gemeenskap in wat gelyk staan aan die

⁶Liniêre denkwysse hou 'n denkwysse voor wat op horisontale een vlak plaasvind. Gewoonlik 'n meer noue denkwysse.

⁷Sekulêre denkwysse hou 'n denkwysse voor wat op meer as een vlak plaasvind, bedoelende oor horisontale en vertikale vlakke van denkwyses en perspektiewe.

waardes van demokrasie soos deur die Konstitusie van Suid-Afrika voorgestel. Verdere doelwitte is om toegang tot Kuns en Kultuur onderrig te bied wat deels die geskiedkundige wanbalans bespreek en verduidelik. Die kurrikulum poog ook om ontwikkeling en bewusmaking van nasionale kulture aan leerders voor te lê om nasiebou te bevorder en om die kreatiwiteit van Suid-Afrika as 'n ryk en produktiewe bron te vestig, ontwikkel en aan te beveel. Die kurrikulum beoog om geleenthede te verskaf vir bruikbare vaardighede, kennis, houding en waardes in die leerarea van Kuns en Kultuur om leerders voor te berei vir die lewe, leefstyl en ewige leerprosesse, asook om 'n verstandhouding vir die Kunste as simboliese taal te skep (RNCS 2002:5).

Verdere leeruitkomst van die vakgebied Kuns en Kultuur in Graad R- 9 is as volg: Leeruitkomste 1: skepping, interpretering en voorstelling van kunswerke; Leeruitkomste 2: reflektiwiteit op kulturele praktyke en Kuns aktiwiteite; Leeruitkomste 3: deelname en samewerking in Kuns en Kultuur aktiwiteite; asook Leeruitkomste 4: die uitbeelding en kommunisering deur verskeidenheid van kunsvorme (RNCS 2002:7).

Kritiese burgerskap is dus geïntegreerd in Kuns en Kultuur kurrikulum want beide moedig kommunikasie, refleksie en kritiese denke aan. Die leeruitkomste help om 'n leerder se volle potensiaal en vermoë te bereik (Landsberg 2005:108). Spesifieke doelwitte word dus vir elke leerarea opgestel, maar tekortkominge is steeds moontlik. Kulturele verskille is vanselfsprekend in skole, maar daar is steeds vele grense en probleme in Suid-Afrikaanse onderrig wat nie as gevolg van rassekwessies ontstaan nie. Die grense en probleme wat onderrig in Suid-Afrika ontvang word volgens Landsberg deur die volgende faktore beïnvloed:

- Sosio-ekonomiese ontneming. Dit behels armoede, tekortkoming van toegang na basiese dienste, blootstelling aan gevaar, ontoeganklike omgewings en onveilige geboue,
- Grense wat ontstaan as gevolg van benadeling; insluitend fisiese, kognitiewe, sensoriese, ontwikkeling en leer tekortkomings,
- Negatiewe houdings en stereotipering van verskille,
- Onvoldoende taalgebruik; tale van onderrig, tale van kommunikasie en tale waarin geleer word,
- Onvoldoende en ontoereikende ondersteuningstelsels,
- Onvoldoende beleid en wetgewing,
- Tekortkoming van ouerlike erkenning en deelname

Deur kuns te evalueer en te bespreek maak dit 'n individu meer bewus van die konteks waarin situasies afspeel asook verskeie perspektiewe wat hierdie situasies weerspieël. Dit is belangrik om te kyk na die doelwitte van die Kuns en Kultuur kurrikulum en die praktiese uitkomst van die kurrikulum in die gemeenskap. Die doelwitte van die kurrikulum hou dus voor dat 'n verantwoordelike en kritiese burger geskep gaan word, maar in praktyk moet hierdie doelwit uitgevoer en sigbaar wees. In die volgende afdeling gaan gekyk word na die versteekte kurrikulum en die belange daarvan in onderrigstelsels.

2.5 Versteekte Kurrikulum

'n Versteekte kurrikulum is die term wat gebruik word vir onderrig wat onbewustelik, onsigbaar en subtiel plaasvind. Versteekte onderrig kan positief of negatief beskou word, maar daar moet gestreef word na 'n positiewe invloed van die versteekte kurrikulum op die gemeenskap om dit ten goede van die samelewing te gebruik. Dominante ideologieë wat afkomstig is van die koloniale en apartheid denkwyses kan steeds 'n invloed op leerkragte hê. Dit mag dus veroorsaak dat leerders steeds op onbewustelike maniere aan hierdie ideologieë blootgestel word en dat dit dan steeds deel van hulle dominante denkwyses word. Dit kan by tye ten goede wees, omdat kuns homself leun tot meer subtiele maniere van kennis oordra en ervaring skep. Kuns blyk 'n goeie medium te wees waardeur dieperliggende waardes (soos dié van kritiese burgerskap) gefasiliteer kan word. Onderrig word gebruik nie net om mense te beheer nie, maar om die inligting en betekenis wat hul ontvang te beheer (Apple 1979:1). 'n Versteekte kurrikulum kan nou op 'n positiewe manier gebruik word om kritiese burgerskap bewustelik en onbewustelik deel van onderrig te maak. Die ideaal sou wees om deur middel van kuns as 'n medium te werk om 'n versteekte kurrikulum op te stel wat kritiese burgerskap in gemeenskappe sou kon aanmoedig.

Kuns kan dus 'n goeie medium wees waardeur 'n versteekte kurrikula toegepas kan word, juis omdat kuns onderrig 'n subtiele manier het om leerders tegnieke en ervaring te leer sonder dat hulle self daarvan bewus is. Kuns skep 'n oop denkwyse wat plek maak vir vele ander perspektiewe en kreatiewe denke waarin leerders hulself kan uitleef. Die gevaar bestaan nogsteeds dat leerkragte hul eie oortuigings afdwing op leerders en kuns as medium gebruik. Die opvoeding en opleiding van leerkragte word dan baie belangrik.

'n Denkbeeldige gemeenskap (imagined community) streef na die onmoontlike. Die idee van 'n derde ruimte (third space), soos deur Homi Bhabha verduidelik, is noodsaaklik om die onmoontlike te vermag (Bhabha 2003:208). Wanneer twee interpretasies/betekenis se mekaar in ag moet neem, moet dit binne 'n derde ruimte geskied. 'n Derde ruimte word geskep om opnuut waarde te heg aan interpretasies wat nie verbind is aan 'n oorsprong nie, maar wat saam waarde put uit elk se nuwe interpretasie (Bhabha 2003:208). Die derde ruimte hou dus voor dat geen voorafgaande verbintnisse aan kwessies bestaan nie en dat 'n mens 'n nuwe standaard kan skep waar gelyke standaarde gekoester sal kan word. Mens kan argumenteer dat die kunste 'n derde ruimte in onderrig kan skep, waarin kritiese burgerskap aangemoedig kan word. 'n Positiewe versteekte kurrikulum kan gebruik word om hierdie derde ruimte te skep.

2.6 Slot

In Hoofstuk 2 is die teoretiese raamwerk van hierdie navorsingstudie uiteengesit waarin die belange van kritiese burgerskap onderrig in die Kuns en Kultuur kurrikulum uitgewys is. Die studie het gekyk na wat kritiese burgerskap, demokratiese samelewing, en sosiale justisie insluit asook spesifiek kritiese burgerskap onderrig

ondersoek. Die historiese konteks is na gekyk omdat dit belangrik is dat die huidige kurrikulum nie daarvan losgemaak kan word nie. Daarna is kritiese burgerskap en kunstonderrig ondersoek en die moontlikhede om kuns as medium te gebruik om kritiese burgerskap te bevorder. Laastens het die studie gekyk na die huidige Kuns en Kultuur kurrikulum omdat dit spesifiek betrekking het op hierdie studie. Die versteekte kurrikulum is ingesluit omdat die studie glo dat dit op 'n positiewe manier gebruik kan word om kritiese burgerskap te bevorder in die Kuns en Kultuur kurrikulum. Die volgende hoofstuk bevat die metodiek van die studie. Die navorsingsontwerp gaan ook verduidelik word.

Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en Metodiek

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die motivering van die gebruik van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp as geskikste benadering tot hierdie navorsingstudie uiteengesit. Die navorsingsvraag is as volg uiteengesit: Hoe word kritiese burgerskap onderrig deur middel van die Graad 7 Kuns en Kultuur kurrikulum by drie skole in die Kuilsrivier omgewing toegepas? In dié hoofstuk word die metodiek wat tydens die navorsing gebruik is, bespreek. Dit sluit 'n gevallestudie navorsingsontwerp en inductiewe data-analise in.

3.2 Navorsingsontwerp van studie

3.2.1 Navorsing benadering en paradigma

Hierdie navorsing word op 'n kwalitatiewe manier benader juis as gevolg van die geskiktheid van die eienskappe van 'n kwalitatiewe metode vir die studie. Die doelstelling van die studie is nie om variëteite deur te gee nie, maar om 'n oorkoepelende denkwysse of gevoel rondom Graad 7 Kuns en Kultuur in die kurrikulum en in die klaskamer te bekom. As gevolg van die sosiale herkoms van die navorsingsprojek en die menslike aspek wat aan die projek gekoppel word, is 'n kwantitatiewe navorsingsmetode nie nodig of van toepassing nie (Denzin & Lincoln 1994:1). 'n Kwalitatiewe benadering word gevolg sodat 'n wye veld van leerders en leerkragte se perspektiewe rondom 'n saak in die natuurlikste omgewing bekom kan word. Die doel van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode is om die studie in sy natuurlike omgewing met 'n gemaklike atmosfeer te laat geskied. Feite kon dus bekom word op 'n makliker en eerliker wyse in 'n ruimte wat vir die deelnemers tweede natuur is.

3.2.2 Navorsingsontwerp

Kwalitatiewe navorsing gaan met 'n empiriese versameling van materiaal gepaard (Denzin & Lincoln 1994:2). Kwalitatiewe navorsing fokus nie op die afmeting, getal, intensiteit of kwantiteit van die navorsing nie (Denzin & Lincoln 1994:4), maar liewers op 'n oop perspektief wat na begrip van die kompleksiteit van die probleem streef (Denzin & Lincoln 1994:6). Hierdie analise kan slegs geskied as 'n kwalitatiewe rigting gevolg word om leerkragte en leerders te benader, omdat kwalitatiewe navorsing in die natuurlike omgewing van die deelnemer geskied. Hier onder volg 'n tabel met die verskille in navorsingsmetodes soos deur Creswell verduidelik.

Table 1.3 Quantitative, Mixed, and Qualitative Methods		
Quantitative Methods	Mixed Methods	Qualitative Methods
<ul style="list-style-type: none"> • Pre-determined • Instrument based questions • Performance data, attitude data, observational data, and census data • Statistical analysis • Statistical interpretation 	<ul style="list-style-type: none"> • Both pre-determined and emerging methods • Both open- and closed-ended questions • Multiple forms of data drawing on all possibilities • Statistical and text analysis • Across databases interpretation 	<ul style="list-style-type: none"> • Emerging methods • Open-ended questions • Interview data, observation data, document data, and audio-visual data • Text and image analysis • Themes, patterns interpretation

Figuur 3: Creswell, J.W. 2009. Tabel met kern verskille tussen verskeie navorsingsmetodes soos deur Creswell beskryf.

‘n Gevallestudie navorsingsontwerp word gebruik in die navorsing. ‘n Gevallestudie word van ander metodes onderskei deur na een unieke gevallestudie te kyk wat homself teenoor ander gevallestudies kan uitsonder (Stake 1994:236). Dit wil sê wanneer ‘n gevallestudie opgestel word en ondersoek daarin gedoen word, word daar meer lig op ‘n spesifieke onderwerp geplaas. ‘n Gevallestudie navorsingsontwerp word in hierdie studie gebruik om lig te werp op ‘n spesifieke onderwerp vanuit ‘n spesifieke perspektief. Dit dwing die navorser om herhalend na kwessies terug te verwys en hul te hereksamineer. ‘n Gevallestudie is dus ‘n in-diepte navorsing (Creswell 2009:13). ‘n Beskrywende gevallestudie gee ‘n in-diepte beskrywing van die kennis wat opgedoen word (Merriam 1991:27). So ‘n studie bied ook nuwe insig op ou onderwerpe. ‘n Interpreterende gevallestudie is ryk aan beskrywende data en die uitkomst van die gevallestudie kan gestaaf word deur patrone en temas wat vanuit die studie geïdentifiseer word (Merriam 1991:28). ‘n Beskrywende en interpreterende gevallestudie word dus vir hierdie navorsing gebruik.

Aangesien onderhoude wel met leerkragte en leerders gevoer is, is ‘n kwalitatiewe gevallestudie die mees praktiese manier om dié studie te benader. ‘n Gevallestudie dien dus as ‘n instrument om sosiale kwessies in akademiese velde te ondersoek. ‘n In-diepte begrip en insig van die spesifieke veld waarna hierdie studie kyk is moontlik as gevolg van ‘n gevallestudie navorsingsontwerp. ‘n Gevallestudie is beide ‘n leerproses en die produk van kennis en verskeie leerprosesse wat opgedoen word vanuit die studie (Stake 1994:237). Dit dien dus as ‘n relevante metode om komplekse aspekte te bespreek.

Daar word ook van triangulasie gebruik gemaak om argumente en inligting met genoegsame bronne te staaf (Stake 1994:241) asook deur verskeie leerkragte en leerders se opinies te ondersoek. ‘n Gevallestudie is geskik vir hierdie navorsingsontwerp omdat dit ‘n ruimte skep waarin daar direk met die leerkragte en leerders in wisselwerking getree kan word. ‘n Gevallestudie is ook nie konkreet uitgelê nie, maar maak voorsiening vir

verskeie temas en aspekte wat dalk mag manifesteer tydens onderhoude met die deelnemers. 'n Beskrywende en interpreterende gevallestudie word gebruik, omdat dit 'n in-diepte beskrywing van data moontlik maak (Merriam 1991:27). 'n Interpreterende gevallestudie is ryk aan beskrywende data en sulke data is gepas om patrone en temas uit te wys (Merriam 1991:28).

3.3 Proef keuse en data versameling

Kwalitatiewe onderhoude is gebruik in die navorsing. Kwalitatiewe onderhoude word beskryf as 'n gesig tot gesig gesprek tussen die navorser en die deelnemer en bestaan gewoonlik uit oop vrae wat nie gestruktureerd is nie. Die onderhoude is by drie verskillende skole in Kuilsrivier gehou. Die skole is so gekies dat al drie skole op 'n kulturele, sosiale, taal, politieke en ekonomiese wyse verskil, sodat die navorsing 'n variasie van stemme kon insluit en sodat dit soveel meer toepaslik sal wees op 'n verskeidenheid van skole in die streek. Dit was belangrik dat daar nie net slegs op een tipe skool gefokus word nie, maar dat 'n variasie van leerders en leerkragte ondervra is. Dit is duidelik dat drie skole nie die hele Wes-Kaap distrik kan voorstel nie, maar die skole is so gekies dat taal, ras, sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele verwantskappe inag geneem is. Alhoewel daar nie meer onderskeid in skole gemaak word ten opsigte van ras en sosiale klas nie is die skole nogsteeds oorwegend eksklusief van aard.

Na die drie skole geïdentifiseer is, is daar georganiseer om met elk van die skole se Kuns en Kultuur leerkragte te praat. Daar is spesifiek met die kuns-, musiek- en drama leerkragte onderhoude gevoer. Musiek en kuns is ook die hoof leerarea in Kuns en Kultuur wat by meeste van die skole aangebied word. Die onderhoude is in die spesifieke leerkragte se klaskamers gevoer in 'n omgewing wat vir hulle die gemaklikste is. Alle leerkragte is ingelig oor die opname wat van die onderhoude gemaak is, en die nodige inligting rakende die etiese klaring is aan hulle weergegee. Die drie skole sal as Skool A, B en C na verwys word en die leerkragte na leerkrag A van Skool A ensovoorts.

'n Onderhoud is ook met 'n groep van 5 leerders vanuit die Graad 7 graadgroep gehou. 'n Hele klas of graadgroep vorm dus nie deel van die navorsing nie. Slegs 'n spesifiek geselekteerde monster uit elk van die drie skole is geneem. Die leerders dien dus as voorstelling van die res van die leerders in hul spesifieke graadgroep. Meer as een skool is besoek waarvan 'n groter verskeidenheid van leerders in verskeie kontekste gebruik kan word om die studie te staaf.

Elke groep leerders is op 'n ongeselekteerde wyse onderskeidelik deur hul Kuns en Kultuur leerkragte gekies (Creswell 2009:148). Die keuse van deelnemers is nie geheg aan prestasie, ras, taal of intellek nie. Elke groep leerders (wat van hier af as byvoorbeeld Groep A van Skool A bekend sal staan) is as 'n groep tydens die onderhoude aangespreek. Die deelnemer is die geleentheid gegee om alle vrae tot sy/haar vermoë te

beantwoord en te voltooi. Die navorser dien slegs as 'n fasiliteerder (Rubin & Rubin 2005:157). Dit was wel belangrik om in ag te neem dat lede van die onderskeie groepe wel verskillende menings en opinies sou kon hê. Verskeie opinies en standarde in skole, kurrikulum en onderrig het tydens die onderhoude na vore gekom.

Die doelstelling van die onderhoude was om 'n aantal vrae te vra aan die leerkragte en leerders om hul opinie rondom die effektiwiteit van die kurrikulum in die vakrigting Kuns en Kultuur, en meer spesifiek die toepassing van kritiese burgerskap konsepte binne hierdie kurrikulum, in skole te bepaal. Die vrae raak dus aan 'n variasie van aspekte wat van toepassing is tot hierdie doelstelling. Vrae oor die kurrikulum se doeltreffendheid, die rol van Kuns en Kultuur, komende Kurrikulum en Assesseringsbeleidverklarings (KABV), kritiese burgerskap, teorie versus prakties, ensovoorts, word gevra om die leerkragte se opinie daarvoor te bepaal. Die doel van die onderhoude was om so veel as moontlik inligting te verwerf sodat in-diepte perspektiewe verkry kon word. Die lys van vrae wat aan leerkragte en leerders gestel was volg hierna. Dit dui die breë spektrum aan van aspekte wat in die onderhoude aangeraak is.

Sien as volg die vrae gestel aan leerkragte:

- Watter rol dink u speel kuns, musiek of drama in die groei en ontwikkeling van leerders?
- Watter rol dink u speel kuns, musiek of drama in die groei en ontwikkeling van 'n gemeenskap?
- Wat probeer u deur middel van kuns, musiek of drama prakties vir die leerders leer of aanmoedig?
- Dink u Kuns en Kultuur (kuns, musiek, drama) is die leerarea wat Suid-Afrika se gemeenskappe sosiaal sal kan bevorder of ontwikkel?
- Wat is die hoof leeruitkomstes (vir u) waarna die kurrikulum kyk in Kuns en Kultuur?
- Dink u dit is moontlik om deur middel van kuns, musiek of drama, bewustheid van kritiese burgerskap te kweek in die gemeenskap? Verduidelik.
- Dink u dat Kuns en Kultuur wel help om 'n diverse en kreatiewe gemeenskap en land te skep?
- Wat is kritiese burgerskap?
- Dink u Kuns en Kultuur moedig kritiese burgerskap aan?
- Watter spesifieke kuns-, musiek- of drama projekte moedig kritiese burgerskap aan? Verduidelik.
- Wat voel u is die doel van die NKV? Watter aspekte bring 'n kurrikulum na onderrig?
- Is dit moeilik om die Nasionale Kurrikulum Verklaring (NKV) toe te pas in die klaskamer?
 - Is dit dalk onprakties?
- Watter veranderinge sal u graag aan die kurrikulum wil maak?
- Watter aspekte waardeer u van die huidige kurrikulum?
- Fokus die huidige kurrikulum te veel op teorie of prakties? Wat is die balans tussen beide aspekte?
- Wat vind u is die gapings wat in die kurrikulum gevind kan word?
- Is daar gapings in die toepassing van die kurrikulum op 'n praktiese wyse?
- Kyk of verwys u gereeld na die kurrikulum?
- Dink u dat dit belangrik is dat 'n leerkrag as aktiewe agent in die kurrikulum moet optree?
- Was u, of ken u enige leerkrag wat deur die Onderwysdepartement genader is om kommentaar te lewer ten opsigte van die nuwe Nasionale Kurrikulum en Assesseringsbeleidverklarings (KABV) ontwikkeling?
- Het u al die voorlopige KABV riglyne gelees? Indien wel, hoe dink u sal dit u toepassing van onderrig beïnvloed in 2014?

Die vrae gestel aan leerders:

Wat leer julle in Kuns en Kultuur?

Wat beteken Kuns en Kultuur vir julle? Wat baat julle daaruit?

Wat doen julle die meeste in Kuns en Kultuur? Prakties of Teorie?

Wanneer julle teorie doen, kan julle dink aan enige aspek wat sosiale kwessies aanspreek?

Leer julle bogenoemde aspekte in die Kunsklas ook?

Dink julle Kuns val onder Kuns en Kultuur?

Voel julle Kuns en Kultuur is noodsaaklik in die gemeenskap en skole?

Wat dink julle is kritiese burgerskap?

Leer julle van kritiese burgerskap in Kuns en Kultuur?

Is daar 'n projek waaraan julle kan dink wat kritiese burgerskap aanspreek?

Die leerkragte en leerders se reaksies en opinies rakende die bogenoemde vrae het gedien as data vir hierdie studie. Die data van die onderhoude was subjektief wat met die deelnemer se eie ervaring en persoonlikheid gekoppel het. Die data het as 'n interpretasie van die deelnemer se ervaring met die kurrikulum en in die vakgebied van Graad 7 Kuns en Kultuur met betrekking tot kritiese burgerskap gedien.

Subjektiewe en interpretatiewe data is 'n bonus, omdat dit die individu se opregte ervaring oor iets beskryf. Daar is die moontlikheid dat emosie aan die beantwoording van die vrae geheg kan word en dat daar by tye onredelik redenasies rondom sommige vrae kon plaasvind. Daar is doelbewus gelet op die veralgemening wat tydens die onderhoude kon plaasvind. Dit is juis daarom waarom daar van 'n verskeidenheid van deelnemers, naamlik drie skole in Kuilsrivier, 3-5 leerkragte uit elke skool, en ongeveer 15 leerders uit elke skool, gebruik gemaak is.

3.4 Etiese klaring

Etiese klaring is van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en van Universiteit Stellenbosch se Etiek komitee vir Humaniora verkry om onderhoude met die deelnemers te kan voer. 'n Etiese klaring vorm is opgestel en oorhandig aan alle deelnemers wat alle nodige inligting rakende die navorsingsprojek insluit. Etiese klaring is ook verwerf van die Navorsing Etiek Komitee: Humaniora van Universiteit Stellenbosch. Alle leerders wat deelgeneem het in onderhoude het die nodige vorms geteken, asook hul ouers en gekose leerkragte. Deelnemers kan enige tyd vra om na die gekose inligting te kyk wat tydens onderhoude en observasies bekom is. Alle inligting sal ook beskikbaar gestel word vir alle deelnemers van die studie. Soos aangedui deur Universiteit Stellenbosch se Etiek Komitee vir Humaniora sal die inligting na vyf jaar vanaf die indienings datum van die studie vernietig word.

3.5 Data analise

Kwalitatiewe navorsing kan beskryf word as 'n groep of individu se opinie en betekenis wat geheg word aan 'n sosiale of menslike probleem (Creswell 2009:4). Navorsers wat op 'n kwalitatiewe manier werk, gebruik gewoonlik 'n induktiewe styl van analise. Dit is belangrik om die kompleksiteit van die situasie in ag te neem (Creswell 2009:4). Induktiewe analise het die studie gelei om subjektiewe perspektiewe en opinies te bevraagteken en te versterk, asook om bedag te wees daarop dat subjektiewe perspektiewe hierdie studie sal kan beïnvloed. Alle data word dus georganiseer en gekategoriseer in subtemas en daarna in temas.

'n Induktiewe data analise word in hierdie studie gebruik om te sorg dat kern idees van die onderhoude aan die lesers weergegee kan word. Deur sekere subtemas vanuit die data te identifiseer wat vanuit die onderhoude spruit; het dit die kategorisering van die data vergemaklik. Alle onderhoud-data is deeglik deurgelees om 'n geheelbeeld te kry. Die versamelde data is daarna gehereksamineer deur herhaalde kere deur die data te gaan en te her-analiseer. Induktiewe analise word dus gesien as 'n deurlopende proses (Creswell 2009:175).

3.6 Geloofwaardigheid en geldigheid

Kwalitatiewe studies se akkuraatheid word bevraagteken as gevolg van die minimale statistieke en kwantitatiewe data wat in só 'n studie gebruik word. Geloofwaardigheid word ook versterk deur die gebruik van triangulasie deur 'n verskeidenheid stemme wat van leerkragte en leerders ingesamel is. Kwalitatiewe geldigheid word ook verseker deur onderhoude op te neem en weer terug te speel om dubbel seker te maak oor korrekte inligting en of die deelnemer reg verstaan is. Daar is gepoog om vanuit die deelnemer se oogpunt te kyk en die deelnemer se oogpunt is inaggeneem wanneer data ontleed is.

3.7 Slot

In hierdie hoofstuk is 'n kwalitatiewe benadering, gevallestudie en induktiewe data-analise beskryf. Die benadering tot hierdie studie as interpreterende en beskrywende gevallestudie kon in 'n natuurlike ruimte geskied as gevolg van die struktuur van die kwalitatiewe navorsingsontwerp wat gevolg is. Die etiese klaring, geloofwaardigheid en geldigheid van die studie is ook bespreek waar spesifieke punte uitgelig is, spesifiek oor die dinamika van 'n kwalitatiewe studie, asook die voor- en nadele van só 'n studie. Nie net is data insameling belangrik nie, maar ook die etiese proses wat gevolg is om die data in te samel.

In Hoofstuk 4 word die ingesamelde data beskryf en ontleed met behulp van analise en die kategorisering van data in verskeie temas. Verwantskappe sal dus tussen die ingesamelde data, navorsingsvraag en literatuurstudie getrek word.

Hoofstuk 4: Data voorstelling en bespreking

4.1 Inleiding

Soos voorheen genoem is, is die doel van hierdie navorsing om ondersoek in te stel in hoe kritiese burgerskap onderrig in die Graad 7 Kuns en Kultuur kurrikulum in die drie skole toegepas word. Na afloop van in-diepte onderhoude met leerkragte en leerders is 'n ryk hoeveelheid data ingesamel. Hierdie hoofstuk sal die data ingesamel insluit en 'n bespreking van die data.

4.2 Data ingesamel

Na afloop van die onderhoude met beide leerkragte en leerders by die drie onderskeie skole wat deel vorm van hierdie studie, is die rou data getranskribeer. Figuur 4 wys die proses wat gevolg is om by die vier temas uit te kom, terwyl Tabel 5 die data onder die vier temas groepeer. Met behulp van kleurkodes, soos in Figuur 4 sigbaar, kon die data van die onderhoude in verskeie temas onderverdeel word. Alle deelnemers se response op die onderskeie vrae is in tabelvorm saamgevat. Wat reeds sigbaar geraak het tydens hierdie samevattende proses, is dat die data baie divers is. Dit het 'n mens reeds onder die indruk van die inherente kompleksiteit van die onderwerp gebring, naamlik kritiese burgerskap onderrig deur middel van die Kuns en Kultuur kurrikulum.

Die data is deur die navorser deurgewerk met die doel om sin te maak uit die wye omvang inligting wat ingewin is. Die doelstellings was om die inligting te kategoriseer sodat 'n paar kern konsepte wat vanuit die data spruit uitgelig kon word, asook om dan hierdie inligting te gebruik om die vooropgestelde navorsingsvraag te kan beantwoord. Hierdie proses het in verskeie stappe geskied. Die data van die onderhoude is geanaliseer, verwerk en weer hersien, om sodoende kern temas uit te wys wat herhaaldelik in die data van die onderhoude te vinde was. Tabel 5 bevat oorspronklike aanhalings asook kort opsommings van gedagtes. Deur hierdie spesifieke stap te herhaal is die data verminder en is vier kategorieë wat sentraal is aan hierdie studie geïdentifiseer. Die vier temas is as volg: kreatiwiteit, holistiese benadering, sosiale verantwoordelikheid, asook teoretiese en praktiese leer. Hierdie vier temas verskaf die basis tot hoe Graad 7 Kuns en Kultuur leerkragte, sowel as leerders, kritiese burgerskap onderrig interpreteer, ervaar en toepas.

Kern konsepte
<ul style="list-style-type: none"> - <u>Leeswyng</u> → krasinsigte - <u>Sosiale ontwikkeling</u> - <u>Respeet vir self / ander</u> - <u>Waardering vir ander</u> - <u>Self ontwikkeling</u> - <u>Beleidsneming</u> - <u>Historiese ontwikkeling / onderrig</u> - <u>Meerwaardige interaksie</u> - <u>Verbond kultuur met kennis</u> - <u>Waarneemde taal</u> - <u>Kriese denke</u> - <u>leer van verlede</u> - tradisies / geskiedenis - <u>probleemoplossing</u> - <u>Onafhanklikheid</u> - <u>Kennis & kultuur</u> → oop - <u>Sosiale probleme</u> - <u>Ourgeneraal dialoog</u> - <u>Deernis</u> - <u>Verantwoordelikheid</u> - <u>Eigetye as waardes</u> (kurrikulum)

<ul style="list-style-type: none"> - <u>Eigetye te wag / onvoldeerde</u> (kurrikulum) - <u>Tyd</u> (kurrikulum) (tyd beperking) - <u>Onvoldedigheid in kurrikulum</u> - <u>Meer verbeterde & eigetye, maar below "opnuut"</u> - <u>Goed verneem praktiese</u> → integrasie / verhouding / afsonderlik - <u>Wit integreer - tyd werk teen integrasie</u> - <u>Wit komat</u> - <u>Role van verkryging / leerden / kurrikulum</u> NB - <u>verkryging lert replikasie vanaf departement / onderaansig</u> - <u>praktiese what you praat</u> - <u>institusionele openinge</u> - <u>word daar steeds kennis na kurrikulum gekryk?</u> - <u>kennis versigtigheid by. telken / tegriete</u> - <u>Witlike oopruim tyd</u> - <u>leer om self uit te druk</u> / gesoelens / kommunikasie - <u>kan kennis & kultuur maklike teepas</u> (huus) ↳ toepaslike op afleedings te - <u>reproduksie</u> - <u>praktiese praktiese in kennis</u> - <u>kennis & kultuur = praktiese om kennis & kennis & te verskiet</u> - <u>Bevredigend teenoor ander kultuur.</u>
--

Figuur 4: 'n Uitleg van die proses wat gevolg was om by die vier temas uit te kom.

Tema	Skool A, Leerkrag A	Skool A, Leerkrag B	Skool B, Leerkrag A	Skool C, Leerkrag A	Skool A, Groep A
Kreatiwiteit	<p>Kreatiwiteit word aangewakker en die kind kan homself “verplaas” en nuwe wêreld verken.</p> <p>Kuns, musiek en drama is ‘n universele “taal” wat in Suid-Afrika alreeds heelwat sosiale interaksies en ontwikkeling tot gevolg gehad het.</p>	<p>Leerders word deur middel van ‘n aantal oefeninge opgevoed om kreatiewe denkers te wees.</p> <p>‘n Bewustheid van die kunste motiveer mense om emosies op ‘n ander manier uit te druk.</p>	<p>Kuns en Kultuur voorsien vir ‘n meer kreatiewe leerder. Nie net slegs is Kuns en Kultuur vir kreatiewe leerders nie, maar kreatiwiteit in die geheel byvoorbeeld die kreatiewe en konsepsuele denkwyses van leerders.</p>	<p>Belangrike rol in selfbeeld, waardering vir kunste, kultuur bewustheid oor grense, kultuurgrense, sowel as ras grense.</p>	<p>In Kuns leer ons hoe om te teken. Ons kan ons gevoelens uitdruk deur behulp van kuns.</p> <p>Kyk vanuit ‘n ander oog na werk en kuns kyk.</p>

Tema	Skool A, Leerkrag A	Skool A, Leerkrag B	Skool B, Leerkrag A	Skool B, Leerkrag B	Skool B, Leerkrag C	Skool B, Groep A	Skool C, Groep A
Sosiale verantwoordelikheid	<p>Die kuns/drama/ musiek lokaal is ook soms die één plek in die skool waar leerders ‘n bietjie kan “ontlaai” en sosiaal verkeer.</p> <p>Hulle (leerders) is ook onbewustelik daaglik besig met besluitneming en probleemoplossing.</p> <p>Wedersydse respek en waardering vir landgenote se tradisies, kuns en musiek begin posvat as gevolg van dit wat al op skoolvlak beklemtoon word.</p>	<p>Selftrots, selfverbetering, respek, kreatiwiteit en positiewe ingesteldheid.</p> <p>Kritiese burgerskap is vir my meer ‘n leefstyl as ‘n ideologie. Om ‘n kritiese burger te wees berus by ‘n besonder intellek en ‘n mens wat weet hoe om met deernis te werk.</p> <p>Om mekaar positief te beïnvloed deur middel van kritiese burgerskap is waarheen ons behoort te streef. Meeste mens is slegs krities sonder om enigiets konstruktief tot die tafel te bring nie.</p>	<p>Kuilsrivier spesifiek het verskeie kulture en agtergronde in kuns waarvan geleer kan word.</p>	<p>Selfdisipline. Dit word in die musiekklas aangemoedig deur om mekaar beurte te gee en mekaar te respekteer.</p>	<p>Dien as leerders se ontwikkeling en platform waarin hulle hulself kan uitleef.</p> <p>Dat hul (die leerders) op hul eie kan funksioneer.</p> <p>Belangrik dat kinders goed op hul eie kan doen en self verantwoordelikheid kan neem daarvoor.</p>	<p>Kuns en Kultuur leer ons van kultuur en waar ons vandaan kom.</p> <p>Dit leer ons hoe om onself uit te druk in ‘n manier waarin ons meer gemaklik voel.</p>	<p>Kuns en kultuur is nodig, sodat ons gevoelens kan beskryf.</p> <p>Leer om te kommunikeer en van groepwerk</p>

Tema	Skool A, Leerkrag B	Skool B, Leerkrag A	Skool B, Leerkrag B	Skool B, Leerkrag C	Skool C, Leerkrag A	Skool B, Groep A
Holistiese benadering	<p>Leerders word meer holisties opgevoed.</p> <p>Verskeie onderafdelings van ander vakgebiede word hierin geraak.</p> <p>Holistiese kinders dra by tot 'n holistiese gemeenskap waar kunste vakke aangebied word teenoor die daarsonder.</p> <p>Skepping, interpretasie, aanbieding, besinning, deelname en samewerking, uitdrukking en kommunikasie. Almal is vir my ewe belangrik.</p>	<p>Verskillende soorte leerders met verskillende soorte vereistes.</p> <p>“Art can always be linked to a culture”.</p> <p>Watter medium jy ook al gebruik was eens gevind deur een of ander kultuur.</p>	<p>“Omdat ons spesialiste is probeer ons om die hele kind op te voed”, asook om in te skakel by ander graadgroepe, sodat werk inkorporeer kan word by ander klasse, byvoorbeeld van drama en kuns.</p> <p>Volledige ontwikkeling van 'n leerder, mens kan nie net in een rigting ontwikkel nie.</p>	<p>Meervoudige intelligensie hou daarvan om goed kreatief uit te beeld.</p>	<p>Meeste van die leerders presteer beter in kunste as in ander meer akademiese vakke. Leerders is nie akademies almal sterk genoeg nie en kan dus nie presteer tot hul maksimum nie.</p>	<p>Leer ook van administrasie en die proses wat aan produksies geheg word.</p> <p>Die musiekprojekte verduidelik nie net slegs verskillende musiek instrumente nie, maar verduidelik die agtergrond inligting oor die verskillende kulture, sodat 'n mens kan weet waar als vandaan kom.</p>

Tema	Skool A, Leerkrag A	Skool A, Leerkrag B	Skool B, Leerkrag A	Skool B, Leerkrag B	Skool B, Leerkrag C	Skool C, Leerkrag A	Skool A, Groep A	Skool C, Groep A
Praktiese en teoretiese leer	<p>“Die kurrikulum strewe na ‘n positiewe selfbeeld, ‘n menseregte-kultuur, ‘n gesonde leefstyl, praktiese kennis en positiewe waardes”.</p> <p>“Die praktiese werkboeke en handleidings vir onderwysers spreek al die bogenoemde strewes aan, maar dit is vir leerkragte met slegs ‘n basiese agtergrond”.</p> <p>Kuns en kultuur kan ideaal aangewend word om kritiese burgerskap aan te moedig.</p>	<p>Meer tyd om deur die leerplan te kom om ruimte te laat om meer praktiese werk met die leerders te doen.</p> <p>Daar word nie regtig ruimte gelaat om ‘n praktiese opdrag deur te voer tot almal die sin daarin bereik het nie.</p>	<p>Dit [die kurrikulum] is baie vaag en mens moet dus die gapings inkleur met eie kreatiwiteit.</p> <p>Die riglyne moet liewers as waardes voorgestel word.</p> <p>Die prakties kom vanaf die geskrewe. Die feit is dat daar nie ‘n standaard prakties is waaraan die teorie gekoppel kan word om ‘n projek te skep nie. Ek dink definitief die prakties en teorie loop hand aan hand.</p>	<p>Onrusbarend dat mens nou eers hoor van die nagevolge van besluite wat geneem is om musiek uit skole uit te neem byvoorbeeld luister vaardighede het verswak.</p> <p>Kommunikasie tussen diegene wat die kurrikulum opstel, asook opleiding en praktiese opleiding vir leerkragte.</p> <p>Daar was al verskille in die assessering in die vakgebied. Ons het iemand probeer opspoor om mee te praat, maar was onmoontlik om iemand in die hande te kry.</p>	<p>“Spreek makliker aspekte aan, omdat dit lossier is in ‘n drama klas”.</p> <p>Die kurrikulum is daar om ‘n standaard te stel. Dit help ook om gelyke uitkomst te bekom van verskeie skole.</p> <p>Die KABV probeer onderrig vergemaklik, maar eintlik gaan dit oor die kwaliteit van bronne wat leerkragte benodig tydens onderrig.</p>	<p>As ons die WKOD se sillabus moet volg gaan dit baie sielsdodend wees. Ons doen verskriklik baie ons eie ding, omdat ons die kurrikulum self moet interpreteer.</p> <p>Dit is effektief, maar jy moet die kurrikulum buig, “jy kan dit nie net so gebruik nie”.</p> <p>Nie goeie balans nie, teorie is te veel. Die uitkomstes moet meer aktief en meer prakties wees.</p> <p>Oortuig dat Kuns en Kultuur Suid-Afrika sal help ontwikkel; net jammer dat akademie so baie aandag geniet bo-oor die kunste. Die kunste kom nie tot sy reg nie as gevolg van akademie wat soveel meer eisend is.</p>	<p>Meestal prakties. Ons doen prakties in die kunsklas en teorie by die kultuur afdeling.</p> <p>Nee, ons teken slegs in die kunsklas en kyk na verskeie teken vaardighede.</p> <p>Ons kan die verbintenis tussen die twee leerareas sien, maar die goed wat ons in klas behandel is baie verskillend. Ons kan wel Kuns en Kultuur toepas in die Kunsklas.</p>	<p>In kuns leer ons verskeie tegnieke en van lyn, vorm en patroon.</p> <p>Makliker om deur te kom en makliker om te verstaan.</p>

Tabel 5: Data ingesamel en gegroepeer onder vier temas.

4.3 Data analise

4.3.1 Kreatiwiteit

Kreatiwiteit is van groot belang in die leerarea van Kuns en Kultuur; dit is immers deur behulp van die kunste dat daar na verskeie kulture verwys kan word. Navorsers en kritiese denkers reken dat die vaardighede wat deur kuns as 'n vak aangebied word, nodig is om kritiese en kreatiewe denkvaardighede te vorm om sodoende 'n demokratiese samelewing te help skep (Drinkwater 2011:1). Kreatiwiteit is ook 'n doelwit van Kuns en Kultuur (Graad R-9) in die huidige kurrikulum en dien as algemene basiese opvoeding vir alle leerders. Die doelwit in die kurrikulum lui soos volg: Die ontwikkeling van kreatiewe en innoverende individue as verantwoordelike en kritiese burgers in 'n gemeenskap wat gelyk is aan die waardes van demokrasie soos deur die Konstitusie van Suid-Afrika voorgestel (RNCS 2002:5).

Die belangrikheid van kreatiwiteit in kritiese burgerskap is ook in die data geïdentifiseer. Die leerkragte se interpretasie van kreatiwiteit en die noodsaaklikheid daarvan in onderrig lui soos volg: Skool A, Leerkrag B sê: "Leerders word deur middel van 'n aantal oefeninge opgevoed om kreatiewe denkers te wees", asook " 'n bewustheid van die kunste motiveer mense om emosies op 'n ander manier uit te druk". Die leerkragte is bewus van die belange wat kreatiwiteit in die gemeenskap dra en dat 'n kreatiewe denker deur die leerkragte aangemoedig moet word. Skool C, Leerkrag A verduidelik dat Kuns en Kultuur 'n belangrike rol in selfbeeld, waardering vir kunste, kultuur bewustheid oor grense, kultuurgrense, sowel as ras grense aanmoedig deur die gebruik van kreatiwiteit in die kunsklas. 'n Kreatiewe denker is, soos in Hoofstuk 2 bespreek, 'n bate vir die toekoms, juis in die manier dat kreatiewe denke na situasies kyk en probleme oplos. Dus is kreatiwiteit alreeds 'n belangrike komponent in die bevordering van kritiese burgerskap onderrig en leer.

Kuns se doel in die gemeenskap is om 'n multi-perspektief te skep waaruit 'n mens na die omgewing en samelewing sal kan kyk (Schmidt Campbell & Martin 2006:30). Skool A, Groep A stem saam met die doelstelling van kuns in die gemeenskap deur dat hulle ook voel dat kuns hulle leer om vanuit 'n ander oog na situasies te kyk. Kuns is geskep om as 'n taal van mag tussen individue gebruik te word en daarom moedig die kurrikulum die interaksie tussen kunsvorms en die leerder aan (Schmidt Campbell & Martin 2006:141). Kuns, musiek en drama dien as 'n universele taal wat alreeds volgens Skool A, Leerkrag A sosiale interaksies en ontwikkeling in Suid-Afrika tot gevolg gehad het. Leerders in kunsonderrig word geleer om opnuut met nuwe oë na die wêreld te kyk, om observasies te doen, uit verskeie perspektiewe te kyk asook om van voor af te leer sien en besigtig (D'Amico 1953:5,8).

Kritiese denke is nodig in Suid-Afrika om ontwikkeling en transformasie aan te moedig, asook om opnuut na die onderrigstelsel te kyk. Dit is dus van kardinale belang dat kreatiwiteit in die kurrikulum en in skole aangemoedig moet word, sodat elke leerder die geleentheid ontvang om vanuit 'n multi-perspektief na die samelewing en omgewing te kyk (Schmidt Campbell & Martin 2006:30). Sodra individue vanuit 'n multi-perspektief kwessies analiseer en benader laat dit hulle toe om met 'n oop gemoed en perspektief 'n situasie binne 'n derde ruimte aan te pak. Skool B, Leerkrag A lig weer sy opinie en sê: "Because you have different kinds of learners, this [Kuns en Kultuur] caters for the more creative learner. Not only for the creative learner, for creativity in general, it comes from the brain, it doesn't have to be physical art making; that is what they can take from that, the creativity and the conceptual thinking". Kreatiwiteit word indirek aan kritiese denke geheg as gevolg van die wye potensiaal wat kreatiwiteit bied vir 'n individu.

Kreatiwiteit word definitief in die onderskeie drie skole gebruik om kritiese burgerskap aan te moedig. Die gevolgtrekking kan wel gemaak word dat twee van die drie skole soveel meer erns op die konsep van 'n kritiese burger plaas, spesifiek met behulp van kreatiwiteit. Dit blyk dat die leerkragte die verbintenis tussen kreatiwiteit en kritiese burgerskap verstaan, maar die oordra van die konsep aan leerders skiet kort. Dit wil sê dat 'n meer in-diepte verbintenis tussen kreatiwiteit en kritiese burgerskap in die skole nodig is om kreatiwiteit effektief toe te pas en in praktiese leer te gebruik. In die volgende kategorie word sosiale verantwoordelikheid bespreek en word voorgehou dat sosiale verantwoordelikheid deel vorm van 'n kritiese denker.

4.3.2 Sosiale verantwoordelikheid

Sosiale verantwoordelikheid verwys na die verantwoordelikheid van die individu in die samelewing, maar ook na die kollektiewe verantwoordelikheid van 'n samelewing om gesamentlik besluite te neem wat tot voordeel is van almal in die samelewing. Skool A leerkrag A: "Hulle [die leerders] is ook onbewustelik daagliks besig met besluitneming en probleemoplossings"; "Die kuns/drama/musieklokaal is ook soms die een plek in die skool waar leerders 'n bietjie kan 'ontlaai' en sosiaal verkeer"; "die kunsklas vir hulle [die leerders] 'n heerlike plek van ontdekking kan wees".

Besluitneming en probleemoplossing, soos hierbo uitgewys, is 'n belangrike vaardigheid wat elke individu behoort te hê of aan te leer. Die Kuns en Kultuur klas skep dus 'n belangrike hawe waarin leerders vaardighede moet kan aanleer om toe te pas in die samelewing. Skool B, Leerkrag A voel dat Kuilsrivier die ideale area is waar leerders hul sosiale vaardighede deur behulp van Kuns en Kultuur kan aanspreek en prakties kan toepas in die samelewing, juis as gevolg van Kuilsrivier se verskeidenheid kulture in een area. Volgens Skool B, Leerkrag C dien Kuns en Kultuur as die platform waarop leerders hulself kan uitleef en ontwikkel. Dit is belangrik om leerders te help ontlai en hulle toe te laat om hulself in 'n ontdekkingsruimte uit te druk. Hierdie aspekte is almal waardes van kritiese burgerskap waar kritiese burgerskap poog om 'n individu te help

ontwikkel op 'n sosiale, politieke en kulturele wyse. Besluitneming en probleemoplossing is belangrike aspekte om aan te leer om deelname in die samelewing te bevorder (Nussbaum 2002:290).

Kritiese burgerskap word deur Johnson en Morris as die bevordering van 'n groep gedeelde waardes beskryf wat verdraagsaamheid, diversiteit, menseregte en demokrasie insluit. Hierdie eienskappe verwys amper identies na die uitkomst van Kuns en Kultuur in die huidige kurrikulum (Johnson & Morris 2010:84-85). Indirek vorm al die bogenoemde aspekte van Kuns en Kultuur deel van sosiale ontwikkeling en die vooruitgang van gemeenskappe. Solidariteit is die eienskap wat die verskillende betekenis van 'n gemeenskap met mekaar verbind (Bhattacharyya 2004:12). Solidariteit is dus gebaseer op gelyke belange en geleenthede van 'n samelewing (Bhattacharyya 2004:11). Skool B, Leerkrag B verduidelik dat solidariteit sigbaar is in die musiek klaskamer waar leerders mekaar beurt gun en mekaar respekteer. Die hoofdoel van ontwikkeling moet die mens se strewe na agentskap wees, sodat die mens kan skeep, deelneem, ervaar, orde toepas en kan produseer (Bhattacharyya 2004:12), daarvan die belange van sosiale ontwikkeling in skole en gemeenskappe. Sosiale verantwoordelikheid is belangrik, sodat nie net 'n individu vir homself verantwoordelikheid neem nie, maar ook vir 'n gemeenskap verantwoordelikheid neem om die gemeenskap te help ontwikkel en te transformeer. Dit is die verantwoordelikheid van die individue om selfstandig, krities en verantwoordelik te kan op tree en so 'n bydrae in die samelewing te maak. Kuns en Kultuur, volgens Skool B, Leerkrag C, moedig hierdie eienskappe aan deur leerders te leer om verantwoordelikheid te neem vir hulle aksies en op so 'n wyse die leerders aan te moedig om op hul eie te funksioneer.

Skool A, Leerkrag B verduidelik dat "[s]elftrots, selfverbetering, respek, kreatiwiteit en positiewe ingesteldheid" die eienskappe is wat in die Kuns en Kultuur klaskamer geleer word. Hierdie eienskappe is belangrike eienskappe wat help om 'n kritiese burger te skeep. Sosiale ontwikkeling in hierdie konsep beteken nie net slegs die ontwikkeling van 'n individu se eie sosiale kennis nie, maar moedig ook sosiale ontwikkeling tussen gemeenskappe aan. Kuns en Kultuur is dus nodig om leerders op te voed om soos Skool A, Leerkrag A verduidelik "[w]edersydse respek en waardering vir landgenote se tradisies, kuns en musiek" te kan kweek. Skool A, Leerkrag B, noem: "Om 'n kritiese burger te wees berus by 'n besondere intellek en 'n mens wat weet hoe om met deernis te werk" en "[o]m mekaar positief te beïnvloed deur middel van kritiese burgerskap is waarheen ons behoort te streef". Die verhouding en ontwikkeling tussen individue stel die verhoudings voor op 'n persoonlike vlak, sowel as op 'n vlak waar 'n mens jou naaste kan begin waardeer en respekteer. Ons moet dus in ons eie land verhoudings kan skeep wat ander inag neem en respekteer, om sodoende sosiale transformasie in ons land moontlik te maak.

Hierdie eienskappe soos sosiale verantwoordelikheid waarmee Kuns en Kultuur 'n leerder kan toerus om as kritiese burger op te tree kan met behulp van 'n positiewe versteekte kurrikulum geskied, juis as gevolg van die onbewustelik, onsigbaar en subtiel manier waarop onderrig in die Kuns en Kultuur leerarea plaasvind. 'n Positiewe versteekte kurrikulum is nodig om leerders onbewustelik vaardighede aan te leer. Kuns is 'n goeie medium waardeur 'n positiewe versteekte kurrikula toegepas kan word, juis omdat kunsonderrig 'n subtiel manier het om leerders ervarings te leer sonder dat hulle self daarvan bewus is. Onderrig word gebruik nie net om mense te beïnvloed nie, maar om die inligting en betekenis wat hul ontvang te beïnvloed (Apple 1979:1). 'n Versteekte kurrikulum kan op 'n positiewe manier gebruik word om sosiale verantwoordelikheid, wat deel vorm van kritiese burgerskap, onbewustelik deel van onderrig te maak. In die volgende kategorie word holistiese onderrig bespreek en word voorgehou dat kreatiwiteit deel vorm van 'n holistiese benadering tot onderrig.

4.3.3 Holistiese benadering

Die doel van kuns in die gemeenskap is om 'n multi-perspektief te skep waaruit 'n mens na die omgewing en samelewing sal kan kyk (Schmidt Campbell & Martin 2006:30). Die term, holisme, volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, word beskryf as die filosofiese standpunt wat berus op die beginsel dat die geheel meer as die som van die dele is wat uit 'n groot aantal eenhede bestaan (HAT, Odendal 1984:401). Kuns en kultuur onderrig bied geleenthede om meer holistiese sienswyses te stimuleer by leerders. Kuns en Kultuur bied alternatiewe moontlikhede anders as die "normale" onderrigmetodes. Skool B, Leerkrag B redeneer "[Kuns en Kultuur] het te doen met die volledige ontwikkeling van 'n leerder, 'n mens kan nie net in een rigting ontwikkel nie, so holistiese opvoeding is baie belangrik". Volgens Skool A Leerkrag B word "leerders meer holisties opgevoed" in die Kuns en Kultuur klas, wat diversiteit van benaderings aanmoedig en sodoende kritiese denke kan bevorder. As 'n kunswerk byvoorbeeld ontleed en bespreek word, is 'n verskeidenheid interpretasies daarvan moontlik en ook aanvaarbaar.

Leerkragte A, B en C het geredeneer in die onderhoude dat hulle voel holistiese onderrig is nodig om alle leerders te betrek en 'n diversiteit van opinies en oortuigings in te sluit. Holistiese onderrig verwys na verskeie aspekte in 'n onderrigstelsel en nie net dié van teoretiese belang nie. Dit wil sê dat 'n leerder omvattende onderrig ontvang wat uit verskeie vaardighede bestaan. 'n Voorbeeld hiervan kan wees dat in die Kuns en Kultuur klas nie net slegs praktiese leer van belang is nie, maar ook teoretiese leer waarin verwantskappe tussen teorie en prakties geskep word om 'n leerders in elke fase van onderrig op te voed. Holistiese onderrig word dus deur die leerkragte toegepas deur teoretiese leer met praktiese leer te verbind om sodoende 'n verskeidenheid ervarings te bevorder. Skool B, Leerkrag A vind dit is nodig om bewus te wees van die verskillende leerders met verskillende vereistes wat in 'n onderrigstelsel intree. Skool B, Leerkrag B redeneer

juis dat “omdat ons spesialiste is probeer ons om die hele kind op te voed”, asook om in te skakel by ander graadgroepe, sodat werk inkorporeer kan word by ander klasse, byvoorbeeld van drama en kuns.

Holistiese onderrig kan indirek verbind word aan kritiese burgerskap onderrig. Kritiese burgerskap onderrig streef na die leer en fasilitering van verdraagsaamheid, diversiteit, menseregte en demokrasie. Holistiese onderrig, net soos kritiese burgerskap onderrig, moedig ‘n kritiese en kreatiewe denkwys aan (Leydet 2006:12). Holistiese kinders dra by tot ‘n holistiese gemeenskap en volgens Skool A, Leerkrag B is dit juis as gevolg van holistiese onderrig dat skepping, interpretasie, aanbieding, besinning, deelname en samewerking, uitdrukking en kommunikasie moontlik is in ‘n gemeenskap. Kritiese denke is noodsaaklik in leerprosesse (Fischman, McLaren, Sünker & Lankshear 2005:14). Dit is hier waar ‘n holistiese benadering belangrik is om nie net teoretiese leer en praktiese leer te verbind nie, maar ook om kritiese burgerskap onderrig in die drie skole te help geskied. As ‘n holistiese benadering teenoor onderrig gevolg word, beteken dit dat ‘n leerder die meeste verskeidenheid vaardighede sal kan aanleer. Dit wil sê dat holistiese onderrig ‘n leerder skep wat in verskeie eienskappe krities kan deelneem en dus op hierdie wyse kritiese burgerskap promoveer.

‘n Holistiese benadering in die drie skole is sigbaar, maar is weereens nie duidelik genoeg om die leerders te affekteer nie. Alhoewel Skool B die meeste ontwikkeling en holistiese benaderde onderrig toon, is dit steeds in die minderheid. Sodra ‘n groter groep skole holistiese benadering aanneem sal die effek daarvan op die langtermyn sigbaar wees. Deur ‘n holistiese benadering en kritiese burgerskap onderrig van jongs af vir leerders te laat ervaar, kan dit die uitkomst van onderrig positief beïnvloed. Die ervaring wat van jongs af opgedoen word, is die belangrike gedeelte, want deur ervaring raak kwessies ‘n realiteit, terwyl as kwessies net op ‘n teoretiese vlak vir leerders aangeleer word, kan dit moontlik slegs vaagweg opgeneem word deur die leerder. Die toepassingsvlak kan ook moeiliker wees.

Kreatiwiteit, sosiale verantwoordelikheid en holistiese onderrig vorm al drie boustene van kritiese burgerskap. Leerkragte en leerders toon ‘n begrip vir hierdie drie konsepte, maar ‘n gaping ontstaan tussen die leerkrag en leerders. Baie leerkragte kon bogenoemde temas verduidelik en met passie daarvoor uitbrei, terwyl die helfte van die leerders huiwerig was oor wat eintlik in Kuns en Kultuur geleer word. Die leerders sit met die kennis van die konsepte, maar weet nie hoe om dit in die realiteit en praktyk toe te pas nie. Die doel van hierdie navorsing is juis om ondersoek in te stel in hoe kritiese burgerskap onderrig in die Graad 7 Kuns en Kultuur kurrikulum in die drie skole toegepas word. Die gaping tussen die uitkomst van die Kuns en Kultuur kurrikulum en die praktiese toepassing daarvan is opmerklik. Die volgende afdeling bespreek die teoretiese en praktiese leer van kritiese burgerskap in die huidige kurrikulum van die drie skole.

4.3.4 Teoretiese en praktiese leer

Wanneer daar na die leerkragte se verhouding met die kurrikulum gekyk is, word dit al hoe makliker om die praktiese implementering van die Kuns en Kultuur kurrikulum te bevraagteken. Dit kom daarop neer dat as die kern uitkomst van die kurrikulum nie duidelik verwoord en uiteengesit en maklik toepasbaar is nie, mag daar verwarring en variasie in die toepassing van hierdie konsepte by leerkragte en leerders voorkom. Dit is dus belangrik om die gaping tussen die kurrikulum, leerkrag en leerder aan te spreek. Die een is tog van die ander afhanklik en kan ook nie sonder die ander 'n sukses behaal nie wat beteken dat al die bogenoemde aspekte interafhanklik is van mekaar.

Die kurrikulum dien as kern aspek van hierdie studie, omdat onderrig 'n noue verbintenis het met die voorgeskrewe Kuns en Kultuur kurrikulum. Die leerkragte maak ook gebruik van die kurrikulum as ondersteunende riglyn vir die aanbied van hul lesse. Die riglyne van die kurrikulum moet liewers as waardes gesien word verduidelik Skool B, Leerkrag A. "Die kurrikulum strew na 'n positiewe selfbeeld, 'n menseregte-kultuur, 'n gesonde leefstyl, praktiese kennis en positiewe waardes," volgens Skool A, Leerkrag A. Skool C, Leerkrag A redeneer weer dat sy oortuig is daarvan dat Kuns en Kultuur die leerarea gaan wees waarin sosiale transformasie in gemeenskappe aangespreek kan word, maar sy "is net jammer dat die akademie⁸ so baie aandag geniet bo die kunste, want die kunste kom nie tot sy reg nie". Skool C, Leerkrag A se redenasie lê klem op die skeiding tussen die teoretiese leer en die praktiese leer van Kuns en Kultuur in plaas daarvan dat dit as 'n meer geïntegreerde leerarea gesien word, waar teorie en prakties hand aan hand loop. 'n Leerkrag se uitkyk op 'n leerarea beïnvloed die perspektief van hoe leerders na Kuns en Kultuur sal kyk asook die ontwikkelingsproses wat Kuns en Kultuur bied. Dit wil sê dat die leerders ook Kuns en Kultuur sal ervaar en beleef as twee afsonderlike gedeeltes waar die teoretiese- en prakties leer nie met mekaar in verwantskap staan nie. Die gevolge van die skeiding tussen teoretiese leer en praktiese leer is alreeds sigbaar waar Skool A, Groep A verduidelik dat hulle slegs teken in die kunsklas. Skool A, Groep A kan die verbintenis tussen die twee leerareas sien, maar hulle verduidelik ook dat dit wat in albei klasse, teoreties en prakties, aangebied word baie verskil.

Sodra daar 'n skeiding tussen praktiese en teoretiese leer gemaak of gevorm word, raak die prakties onbelangrik in die sin dat die verskeie vaardighede, ervaring en kennis wat praktiese klasse mens leer, afgeskiet word as onbelangrik en dus vervaag die kreatiewe en kritiese denke onderrig by die leerder. Skool B, Leerkrag A verduidelik dit goed waar hy sê dat die "prakties kom vanaf die geskrewe, die feit is dat daar nie 'n standaard prakties is waaraan die teorie gekoppel kan word om 'n projek te skep nie". Die tekortkominge van standaard praktiese projekte in die onderrigstelsel verswak die kans op 'n integreerende leerarea waar teorie en prakties

⁸ Die akademie waarna die leerkrag hier verwys is die teoretiese leer wat in die Kuns en Kultuur kurrikulum voorkom.

hand aan hand loop. Skool A, Leerkrag B verduidelik ook dat daar te min tyd is om deur die leerplan te werk om meer praktiese werk met die leerders te doen. Volgens Skool A, Leerkrag B is daar nie regtig ruimte gelaat om 'n praktiese opdrag deur te voer tot almal die doel van die les bereik het nie.

Volgens Skool A, Leerkrag A is Kuns en Kultuur ideaal om kritiese burgerskap aan te moedig, maar vind dat die probleem by die werkboeke en handleidings voorkom. "Die praktiese werkboeke en handleidings vir onderwysers spreek al die bogenoemde strewes aan [van kritiese burgerskap], maar dit is vir leerkragte met slegs 'n basiese agtergrond". Die behoefte aan vakkundiges is dus noodsaaklik om doelgerigte onderrig in skole te verskaf.

Die probleem kom nou in om Kuns en Kultuur as meer as slegs 'n teken vak voor te stel, maar eerder voor te stel as 'n vak waar Kuns en Kultuur eintlik kritiese denke, sosiale ontwikkeling en kreatiwiteit aanmoedig. Leerders sien Kuns en Kultuur reeds as afsonderlike onderafdelings waar Skool A, Groep A " [d]ie Kuns [leerarea] [as] prakties en die Kultuur [leerarea] [as] teorie" beleef. Die verhouding tussen teorie en prakties word dus geskei. "Ons teken net daar," is die reaksie van Skool A, Groep A oor wat hul in die Kunsklas doen. Min tot geen ervaring word in die teoretiese verwante klasse gehanteer.

Skool C, Groep A verduidelik dat Kuns en Kultuur nodig is in die skool, omdat dit "makliker verstaanbaar is, asook dat dit die maklikste leerarea is in die skool en makliker om deur te kom". Bogenoemde stelling impliseer dat die leerders Kuns en Kultuur slegs as die maklike uitweg sien op skool en as die leerarea wat hul die maklikste kan verstaan in plaas van om dit as die leerarea te sien in die skool waarin die leerders soveel meer kan bereik as slegs 'n punt op 'n rapport. Hierdie navorsingsverslag hou voor dat leerders die groter rol en doel van Kuns en Kultuur miskyk en vas staar in die maklikheidsgraad daarvan. Sodra leerders se perspektief in hierdie groef val kan dit afgelei word dat die leerkrag se interpretasie van die kurrikulum en leerarea van Kuns en Kultuur ontbreek. Die rede hiervoor kan dan 'n onvoldoende kurrikulum wees met riglyne wat te vaag is, of dit kan onopgeleide leerkragte wees wat nie vakkundiges is nie. 'n Onvoldoende kurrikulum kan as gevolg van universiteite wees wat nie klem lê op kritiese burgerskap in die kurrikulum nie. Dit lei dus na leerkragte wat nie op kritiese burgerskap fokus nie, en leerders wat nie kritiese burgerskap onderrig ontvang om toe te pas in die praktyk nie. 'n Siklus van onvoldoende onderrig het dus in die huidige onderrigstelsels ontstaan. Daar is dus nou 'n gaping tussen die leerkrag se interpretasie van Kuns en Kultuur vanuit die kurrikulum en die ervaring wat leerders uit Kuns en Kultuur ontvang.

4.4 Slot

Die belangrikheid van kreatiwiteit is in die data bevestig, maar die toepassing daarvan ontbreek soms wanneer kreatiwiteit aan kritiese burgerskap gekoppel moet word en die leer daarvan deur behulp van Kuns en Kultuur as leerarea moet plaasvind. Sosiale verantwoordelikheid word definitief deur Kuns en Kultuur en kritiese burgerskap bevorder. Sosiale verantwoordelikheid word gesien as een van die boustene van kritiese burgerskap. Die klem wat deur die huidige Suid-Afrikaanse kurrikulum (soos in Hoofstuk 2 uitgelê) op kritiese burgerskap geplaas word poog om 'n gemeenskap te skep wat kollektief verantwoordelikheid moet neem. 'n Holistiese benadering word gesien as die onderrigbenadering wat die meeste verskeidenheid vaardighede vir 'n leerder sal kan aanleer, en dit word wel deur al die leerkragte aangemoedig. Holistiese onderrig word aangemoedig, omdat dit kritiese burgerskap onderrig ondersteun, wat dus kreatiewe en kritiese denke bevorder. Laastens is die teoretiese en praktiese leer as 'n tema uitgewys as gevolg van die tekortkominge daarvan in die drie skole. Nie net promoveer teoretiese- en praktiese leer 'n hegte verbintenis tussen die kurrikulum en die praktyk waarin dit toegepas moet word nie, maar is dit deur die bevindinge sigbaar gemaak dat daar wel 'n gaping is tussen die Graad 7 Kuns en Kultuur kurrikulum en wat prakties in die klasse onderrig word by die drie skole wat vir hierdie studie genader is. Hierdie gaping word aangehelp deur die skeiding van teorie en praktiese leer. In die kultuur gedeelte word hoofsaaklik teorie behandel en in die kuns gedeelte meestal praktiese projekte. Dit wat in die teorie geleer word moet in die praktiese toegepas of "geoefen" word. Die koppeling tussen teorie en praktiese uitvoering is belangrik vir kritiese burgerskap onderrig. Dit wil sê dat kritiese burgerskap onderrig tot 'n mate by die drie skole ontbreek as gevolg van 'n beperkte in-diepte verstaan van kritiese burgerskap by leerkragte, 'n beperkte gebruik van kreatiwiteit en 'n holistiese benadering om kritiese burgerskap te bevorder en die skeiding van teorie en prakties in die kurrikulum.

'n Samevatting van die vier temas gaan kortliks in Hoofstuk 5 weergegee word om 'n oorkoepelende idee rondom hierdie studie te vorm, asook om gevolgtrekkings en implikasies wat daaruit volg te bespreek.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en implikasies

Hoofstuk 5 dien as 'n samevatting van die resultate wat bekom is deur hierdie navorsingsprojek asook die gevolgtrekking wat daaruit gevloei het. Hierdie studie het gespruit uit die belangstelling in die rol en transformasie moontlikhede wat kuns as 'n medium vir kritiese burgerskap onderrig kan bied. Hier word weer terug verwys die navorsingsvraag om die bevindinge aan die oorspronklike idee van die studie te koppel, naamlik: Hoe word kritiese burgerskap onderrig toegepas deur middel van die Graad 7 Kuns en Kultuur kurrikulum by drie skole in Kuilsrivier? Kritiese denke word deur kritiese burgerskap onderrig gefasiliteer en aangeleer om sodoende as kritiese burger in 'n gemeenskap te kan optree. Kritiese burgerskap word beskryf as die bevordering van 'n groep waardes; dié van verdraagsaamheid, diversiteit, menseregte en demokrasie (Johnson & Morris 2010:84,85). Gepaste onderrig kan help om hierdie kritiese vaardighede in leerders se vroeë opvoeding te vestig. Hierdeur kan daar nie net omgesien word na die belange van individue nie, maar ook na dié van die samelewing of gemeenskap.

Na die data van die onderhoude ingesamel is, wat met leerkragte en leerders van drie verskillende skole in Kuilsrivier gevoer is, is die volgende temas geïdentifiseer: kreatiwiteit, sosiale verantwoordelikheid, holistiese benadering en teoretiese en praktiese leer. Elkeen van hierdie temas word kortliks weergegee en gevolgtrekkings word dan gemaak.

Kreatiwiteit word gesien as 'n kern aspek van onderrig om kritiese burgerskap aan te moedig. Dit wil sê dat kreatiwiteit in skole noodsaaklik is, nie net slegs vir die kritiese burgerskap onderrig van leerders nie, maar ook as komponent van die opstel van 'n kurrikulum en leer en onderrig van leerkragte. 'n Kreatiewe denker se benadering tot probleemoplossings en besluite kan ook 'n vars insig tot die huidige Kuns en Kultuur kurrikulum bring. Die drie skole het bewys dat kreatiwiteit en kritiese burgerskap wel sigbaar is in hul onderrig, maar dat dit op sekere aspekte mag kort skiet soos byvoorbeeld by die waardering en toepassing van kreatiwiteit as belangrike komponent van die Kuns en Kultuur kurrikulum en onderrig van kritiese burgerskap. Soos beklemtoon in Hoofstuk 4 is kreatiwiteit in onderrigstelsels nodig, veral in Kuns en Kultuur, om kritiese burgerskap in gemeenskappe te laat realiseer as gevolg van die maklike en onbewustelike leer van vaardighede deur middel van kreatiwiteit. Kreatiwiteit is dus die begin komponent van 'n basis wat geskep moet word in die kurrikulum en onderrigstelsels om kritiese burgerskap aan die leerder te kan oordra.

Elkeen van ons het 'n sosiale verantwoordelikheid teenoor ander en gemeenskappe, maar dit is nie te sê dat hierdie verantwoordelikheid as vanselfsprekend aanvaar word nie. Dit is juis hier waar kritiese burgerskap onderrig intree om sosiale verantwoordelikheid te bevorder. Sosiale verantwoordelikheid is sigbaar in die huidige Kuns en Kultuur kurrikulum. Dit moet ook deur leerkragte beklemtoon word. Dit blyk egter dat die internalisering van die verantwoordelikheid en oorgaan tot aksie bevraagteken word, omdat dit min in die data genoem is. Sodra daar klem op praktiese toepassing van kritiese burgerskap geplaas word om ontwikkeling en transformasie in gemeenskappe te bevorder, sal sosiale verantwoordelikheid daarmee gepaard gaan.

'n Holistiese benadering tot leer en onderrig word deur die leerkragte aangemoedig en toegepas. Die leerkragte sien holistiese onderrig as die kern onderrigbenadering wat toegepas moet word in skole. Holistiese onderrig verwys na die volledige opvoeding van 'n leerder in alle aspekte van die lewe, nie net teoreties nie, maar ook op 'n praktiese wyse. Teoretiese en praktiese leer is gesien as die samevattende aspek van die vorige drie temas. Al word kern temas gespesifiseer, is daar steeds 'n gaping te vind in wat die Kuns en Kultuur kurrikulum uitkomst beoog en wat in die klassituasie gedoen word. Die leerkragte hou voor dat 'n kurrikulum slegs as 'n riglyn gesien moet word, maar as dit die geval is, sal die kurrikulum meer omskrywend moet wees wanneer die kurrikulum kritiese burgerskap aanspreek.

Dit blyk uit die studie dat daar moontlik 'n wanpersepsie is by leerkragte oor hoe die Kuns en Kultuur kurrikulum toegepas moet word. Daar is ook moontlik 'n gaping in die onderrig van kritiese burgerskap en die toepassing van kritiese burgerskap in die praktyk. Die leerders erken dat hul van kritiese burgerskap leer, maar plaas dit nie altyd parallel met teorie of ervaring wat hul in die Kuns en Kultuur klaskamers leer nie. Die nou wisselwerking tussen teoretiese leer en praktiese leer is noodsaaklik. Sodra 'n gaping ontstaan in die verhouding tussen teorie en prakties beïnvloed dit die effektiwiteit en toepassing daarvan. Konsepte wat deur kritiese burgerskap onderrig ondersteun word, is konsepte wat nie net op 'n teoretiese vlak funksioneer nie; dit is juis konsepte wat in die mens se alledaagse lewe uitspeel. Dit is dus baie belangrik om 'n goeie begrip daarvan te hê op 'n kognitiewe vlak, maar om dit ook te ervaar. Dit blyk uit die onderhoude of deelnemers aspekte van die konsep kritiese burgerskap begryp, maar dit blyk of daar moontlik 'n gaping mag wees ten opsigte van hoe hierdie beginsels/konsepte op 'n praktiese manier benader word met die doel om vir leerders die ervaring te skep van hoe teorie prakties toegepas kan word.

Die doelstelling van die navorsingstudie is bereik deur ondersoek in te stel in die komponent van kritiese burgerskap in onderrig in die leerarea van Kuns en Kultuur. Al die leerkragte met wie onderhoude gevoer is voel dat Kuns en Kultuur wel kritiese burgerskap aanspreek en dat kritiese burgerskap onderrig oorsprong in die leerarea van Kuns en Kultuur op skool vind. Die leerkragte sien Kuns en Kultuur se waardes nie as ideologieë nie, maar eerder as 'n leefstyl. Juis daarom moet die belangrikheid van Kuns en Kultuur op skoolvlak beklemtoon word om aspekte soos menseregte, demokrasie en sosiale justisie van 'n vroeë ouderdom by

leerders te kweek. Geen leerder is te jonk om sy/haar verantwoordelikhede te leer, te verstaan en aanspreeklik daarvoor gehou te word nie.

Daar is wel 'n gaping in die Kuns en Kultuur kurrikulum van Graad 7 gevind ten opsigte van kritiese burgerskap onderrig, omdat dit nie die volle aandag geniet wanneer dit kom by die toepassing van teorie in die praktyk nie. Hierdie navorsingstudie hou voor dat die kurrikulum nog 'n ver pad het om te stap as die nodige en voldoende ontwikkeling vir leerders gebied wil word. Kritiese burgerskap onderrig is noodsaaklik op 'n internasionale vlak, maar spesifiek in Suid-Afrika as gevolg van 'n koloniale en apartheid geskiedenis waar menseregte geskaad is, demokrasie nie beoefen is nie en sosiale justisie nie toegepas is nie. Kuns en Kultuur onderrig kan bydra tot die bevordering van kritiese burgerskap indien dit doelbewus en effektief onderrig word. Hierdie studie is 'n verkennende studie wat slegs as 'n basis dien waarop verdere navorsing in die veld gedoen kan word.

Bronne geraadpleeg

Adams, M., Bell, I. & Griffin, P. (eds.). 2007. Teaching for diversity and social justice. Second edition. New York: Routledge

Albertyn, R. & Daniels, P. 2009. Research within the context of Community Engagement, in E. Bitzer (ed.), Higher education in South Africa: A scholarly look behind the scenes. Stellenbosch: Sun Press.

Apple, M.W. 1979. Ideology and curriculum. London: Routledge.

Bhabha, H. 2003. Cultural diversity and cultural difference, in B. Ashcroft, G. Griffiths & H. Tiffin (eds.), Post-colonial studies: The key concepts. London: Routledge. 155-157.

Bhattacharyya, J. 2004. Theorizing community development. Journal of Community Development Society, 34(2): 5-34.

Chappell, S.V. & Chappell, D. 2011. A museum in a book: Teaching culture through decolonizing, arts-based methodologies. International Journal of Education & the Arts, 12(LAI 1).

Beskikbaar: <http://www.ijea.org/v12lai1/.http://arelosangeles.pbworks.com/f/Tejeda+Decolonizing+Pedagogy.pdf> (10 Februarie 2013).

Creswell, J.W. 2009. Research Design: Qualitative, Quantitative, and Mixed Methods Approaches. Third edition. London: Sage.

D'Amico, V. 1953. *Creative Teaching in Art*. Scranton: International Textbook Company.

Dei, G.J. & Kempf, A. 2006. Anti-Colonialism and Education: The politics of resistance. Rotterdam: Sense Publishers.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (eds.), 1994. Handbook of Qualitative Research: Introduction. London: Sage Publications.

Department of Education. 2002. Revised National Curriculum Statement Grades R – 9 (Schools): Arts and Culture (Online). Besikbaar: http://wced.pgwc.gov.za/ncs/grade7/ac_gr7.html (4 Julie 2012).

Drinkwater, M. 2011. Arts across the curriculum for critical pedagogy and global visual literacy: Increasing the arts focus in teacher training in elementary schools. OISE/UT. Paper presented at RICE Conference, University of Western Ontario, April 15, 2011.

Field, D. 1970. *Change in Art Education*. London: Routledge & Kegan Paul.

Fischman, G.E., McLaren, P., Sünker, H. & Lankshear, C. (eds.), 2005. Critical theories, radical pedagogies, and global conflicts. New York: Rowman and Littlefield.

Fischman, G.E. 2005. Education for radical humanisation in neoliberal times: A review of Paolo Freire's later work, in G.E. Fischman, P. McLaren, H. Sünker & C. Lankshear (eds.), Critical theories, radical pedagogies, and global conflicts. New York: Rowman and Littlefield.

Gaylard, J. 2005. The retreat of creativity: Reflections on the role of the South African visual arts in social development (Online).

Beskikbaar: <http://www.artthrob.co.za/05nov/gaylard.html>. (10 Februarie 2013).

Gordon, M. 1999. Hannah Arendt on authority: Conservatism in education reconsidered. *Educational Theory*, Spring 99, 49(2): 161-181.

Greenwood, D.A. 2009. Place, survivance, and White remembrance: A decolonizing challenge to rural education in mobile modernity. *Journal of Research in Rural Education*, 24(10). Retrieved 5 August 2011 from <http://jrre.psu.edu/articles/24-10.pdf>

Held, D. 1980. *Introduction to Critical Theory*. Oxford: Polity Press.

Greenwood, D.A. 2009. Place, survivance, and white remembrance: A decolonizing challenge to rural education in mobile modernity. *Journal of Research in Rural Education* (Online).

Beskikbaar: <http://jrre.psu.edu/articles/24-10.pdf> (10 Februarie 2013).

Gude, O. 2000. *Investigating the culture of curriculum. Real-world readings in art education: Things your professor never told you*. New York: Falmer Press.

Johnson, L & Morris, P. 2010. Towards a framework for critical citizenship education. *The Curriculum Journal*, 21(1): 77-96.

Lamprecht, M. 2012. Die Beeld: Skoolboeke: Mense moes vroeër kla (Online).

Beskikbaar: <http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Skoolboeke-Mense-moes-vroeer-kla-20120804> (15 Augustus 2012).

Landsberg, E. 2005. *Adressing Barriers to Learning: A South African Perspective*. Pretoria: Van Schaik.

Leydet, D. 2006. Citizenship. *Stanford Encyclopedia of Philosophy* (Online).

Beskikbaar: <http://plato.stanford.edu/> (10 Februarie 2013).

Merriam, S.B. 1991. *Case Study Research in Education: A Qualitative Approach*. Oxford: Jossey-Bass Publishers.

Moffatt, C. 2006. Development Unmoored, in GJ. Dei & A. Kempf (eds.), *Anti-Colonialism and Education: The Politics of Resistance*. Rotterdam: Sense Publishing.

Nussbaum, M. 2002. Education for citizenship in an era of global connection. *Studies in Philosophy and Education*, 21: 289-303.

Odendal, F.F. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde uitgawe. Kaapstad: Pearson Education.

Osler, A. & Starkey, H. 2003. Learning for cosmopolitan citizenship: Theoretical debates and young people's experiences. *Educational Review*, 55(3): 243-254.

Palmer, J. (ed.) 2001. *Fifty Modern Thinkers on Education - from Piaget to the present*. New York: Routledge.

Ray, G. 2007. On the conditions of anti-capitalist art: Radical cultural practices and the capitalist art system. *Left Curve* 31.

Rogoff, I. 2007. *Academy as Potentiality* (Online).

Beskikbaar: <http://summit.kein.org/node/191> (10 Februarie 2013).

Rubin, H.J. & Rubin, I.S. 2005. *Qualitative Interviewing: The Art of Hearing Data*. Second edition. California: Sage Publications Inc.

- Santas, A. 2000. Teaching Anti-Racism. *Studies in Philosophy and Education*. Netherlands: Kluwer Academic Publishers. 19: 349-361
- Schmidt Campbell, M.S. & Martin, R. 2006. Artistic citizenship: A public voice for the arts. New York: Routledge.
- Springgay, S. 2005. A/r/tography as living inquiry through art and text. *Qualitative Inquiry*, 11(6): 897-912.
- Stake, R.E. 1994. *Case Studies*. London: Sage Publications.
- Todd, J. 2005. Social transformation, collective categories, and identity change. *Theory and Society*, 34(4): 429-263.
- Walder, D. 2007. Decolonizing the (distance) curriculum. *Arts and Humanities in Higher Education*, 6(2): 187-196.
- Weah, W., Simmons, V. & Hall, M. 2000. Service-learning and multicultural/multi-ethnic perspectives: From diversity to equity. *Phi Delta Kappan*, 81(9): 673-675.
- Weinstein, J. 2004. Neutrality, pluralism, and education: Civic education as learning about the other. *Studies in Philosophy and Education*, 23: 235-263.

Addendum A: Huidige Kuns en Kultuur kurrikulum (R-9)

Revised National Curriculum Statement Grade R-9 (Schools)

Grade Seven

Learning Area: Arts and Culture

([Further information on the Outcomes for this Learning Area](#))

Learning Outcome 1: Creating, Interpreting and Presenting

The learner will be able to create, interpret and present work in each of the art forms.

Organising principle: The learner will be able to develop the skills and knowledge to create and present artworks that explore human rights in South Africa.

Assessment standards

We know this when the learner:

Dance

In preparing the body, applies safe dance practice and healthy use of the body, for example:

- warming up and cooling down;
- good postural and joint alignment;
- released/soft use of joints;
- safe landing from elevation (jumping);
- stretching with safety.

Improvises to explore choreographic design concepts:

- space - direction, levels, symmetry, asymmetry;
- time - duration, pace, pulse, phrasing;
- force - yielding to and resisting gravity, active and passive movement.

Creates and presents dance sequences that focus on and challenge, amongst others, human rights issues such as social and cultural attitudes towards dance, and attitudes towards gender and disability in dance.

Drama

Follows a teacher-directed warm-up routine.

Uses exploration of human rights issues in South Africa as a basis for group improvisations that:

- show understanding of basic dramatic structure (who, what, where, when);
- show characters drawn from observation, imitation and imagination;

incorporate some dramatic elements such as grouping, shape and climax to communicate meaning and feeling.

Music

Forms rhythmic sentences combining and mixing different drumming techniques and percussion patterns.

Improvises and creates music phrases using concepts such as mood, form and contrast.

Reads and sings or plays the scales and simple melodies in G Major.

Composes music, songs or jingles about human rights issues or to accompany a performance or presentation about human rights.

Visual Arts

Creates art, craft or design works commenting on human rights issues, and which demonstrate:

an ability to experiment at an elementary level with a wide range of materials, techniques, tools and skills;

the ability to identify and use symbols and patterns.

With guidance, selects, prepares and mounts own art-works from their individual portfolio for class presentation.

Learning Outcome 2: Reflecting

The learner will be able to reflect critically and creatively on artistic and cultural processes, products and styles in past and present contexts.

Organising principle: The learner will be able to reflect on local examples of natural and cultural heritage.

Assessment standards

We will know this when the learner:

Composite

Finds out about a South African artist of the past or present, from any art form, and reports to the class.

